'N STUDIE VAN GAY MANS SE VERHOUDING MET HUL OUERS VOOR EN NA OPENBAARMAKING VAN HUL SEKSUELE ORIëNTASIE.

HAMBLY RANDALL MATTHEWS

Tesis voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Pectora roborant cultus recti

Studieleier : Prof. T W Bodley van der Westhuÿsen
Mede-Studieleier : Prof. Cheryl-Ann Potgieter

MAART 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die inhoud in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie voorheen in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening : ..... Datum : 31 : 01 : 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om die verhouding wat tussen gay mans en hul ouer(s) bestaan het voor en na openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie aan die ouer(s), te verken.

Ses mans wat vrywilliglik aangebied het tot deelname aan die ondersoek, is deur middel van 'n semi-gestruktureerde onderhoud ondervra. Hierdie onderhoude is eers op band geneem en daarna deur die navorser verbatim getranskribeer.

Die riglyne vir insluiting tot die studie was dat die deelnemers aan die volgende kriteria moes voldoen: i) hulle moes manlik wees; ii) 18 jaar en ouer; iii) alreeds hul seksuele oriëntasie teenoor een of beide ouers bekend gemaak het; iv) Engels of Afrikaanssprekend; v) woonagtig in Paarl, Stellenbosch of Kaapstad; en vi) aanvaar het dat geen besoldiging vir deelname aan die navorsing ontvang sal word nie.

Die proses van data-analise het hoofsaaklik ingesluit: Die organisering van data; die generering van kategorieë, temas en patrone; die toetsing van sigbaarwordende temas; soeke na alternatiewe verduidelikings en die skryf van die finale verslag.

Bevindinge uit die navorsingstudie sluit in vier hooftemas met tien subtemas wat geïdentifiseer is. **Eerstens, die aard van die verhouding tussen moeder en gay seun voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie**. Die geassosieerde subtemas was: i) die bevestiging dat die openbaarmaking meestal eerstens teenoor die moeder of sibbe sou geskied, (ii) die selfbewustheidstadium en die selfbemagtigingsproses van die seun ten opsigte van sy gay identiteit voor die openbaarmaking teenoor dikwels die moeder, (iii) die vermelding dat die moeder bewus was van die seun se seksuele oriëntasie reeds voor openbaarmaking, en (iv) die moeder-en-seun-verhouding en die ondersteunende rol wat sy binne ouerverband inneem na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Tweedens, die aard van die verhouding tussen vader en gay seun voor openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie.** Die geassosieerde subtemas was: (i) die vermelding van 'n patriargale sisteem wat binne gesinsverband bestaan het, en wat ook saamhang met die vader se sosiale persepsies wat onder andere homofobie insluit, en (ii) die vader-en-seun-verhouding na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Derdens, ouerbetrokkenheid in terme van aanvaarding en ondersteuning na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie.** Die subtemas wat hieruit gevloei het, was: (i) die kommunikatiewe vermyding van die gay onderwerp deur die ouer(s) binne gesinsverband, (ii) die sensitiwiteit en vermyding van gesprekke oor minnaars of metgeselle binne ouerverband, en (iii) die gereeldheid van kontak tussen ouer(s) en gay seun na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Laastens, die aard van die verhouding tussen gay broer en sibbe voor openbaarmaking van die broer se seksuele oriëntasie.** Die geassosieerde subtema was: (i) die onvoorwaardelike aanvaarding en ondersteuning deur die sibbe. Dié temas is vervolgens bespreek in terme van bestaande navorsingsliteratuur oor dié onderwerp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The aim of this study was to explore gay men's relationship with their parents before and after the revelation of their sexual orientation towards their parent(s).

Six men, who voluntarily offered to participate in the study, were interviewed by means of a semi-structured interview. These interviews were initially tape recorded and there after transcribed by the researcher.

To be included in the study the participants had to comply with the following criteria: i) they had to be male; ii) 18 years or older; iii) have revealed their sexual orientation towards one or both parents; vi) be English or Afrikaans speaking; v) reside within Paarl, Stellenbosch or Cape Town; and vi) accept that no remuneration would be received for participation in this research.

The process by which data was analysed mainly included : The organisation of data, the generation of categories, themes and patterns, testing the emerging categories and patterns, seeking alternative explanations, and writing the final report.

Findings from the research study include four main themes, with ten sub-themes identified. **Firstly, the nature of the relationship between the mother and the gay son before disclosure of the sons' sexual orientation.** The associated sub-themes were: i) Confirmation that the revelation was usually first made towards the mother or siblings, ii) the stadium of self-awareness and process of self-empowering of the son about his gay identity before disclosure towards the mother, iii) mentioning that the mother was aware of the sons' sexual preferences before disclosure, and iv) the relationship between mother and son and the supporting role that she plays within the parental context after disclosure. **Secondly, the nature of the relationship between the father and the gay son before the revelation of the sons' sexual orientation.** The associated sub-themes were: i) mention of a patriarchal system that existed within the parental relationship, which could be linked to the fathers' social perception, including, amongst others, homophobia, and ii) the father/son relationship after disclosure of the sons' sexual orientation. **Thirdly, parental involvement regarding acceptance and support after disclosure of the sons' sexual orientation.** The associated sub-themes are :

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

i) the avoidance of the gay subject by the parents during communication within the family context, ii) the sensitivity and avoidance of discussions about lovers or companions within the family relationship, and iii) the regularity of contact between the parent(s) and their gay son after disclosure. **Lastly, the nature of the relationship between the gay brother and his siblings before the revelation of his sexual orientation.** The associated sub-theme were : i) the unconditional acceptance and support of the siblings. These themes are subsequently discussed in terms of existing research literature in this field of study.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPGEDRA AAN:

My oorlede moeder, Monica Matthews (néé Petersen) vir haar deernisvolheid en onvoorwaardelike liefde vir alle mense.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

My innige dank en waardering aan die volgende spesiale persone :

Prof. Bodley van der Westhuÿsen, my supervisor vir sy positiewe ingesteldheid en deurgaans warm mede-menslikheid.

Prof. Cheryl-Ann Potgieter, my mede-supervisor vir haar geloof en vertroue in my vermoëns met dikwels supervisie oor 'n langafstand.

My vriend en kollega Eugene Oppelt, vir sy insette as tweede analis.

Me. Uriah Williams, vir die taalversorging van die geskrewe teks.

Me. Sarie Wilbers, vakbibliotekaris by die JS Gericke Biblioteek te Universiteit van Stellenbosch, vir haar onbaatsugtige hulp en bystand gedurende my soektogte na bronne in dié biblioteek.

Die deelnemers vir hul bereidwilligheid tot deelname in die studie. Mag God's rykste seën en oneindige liefde hulle altyd omhul.

Tante Louisa, vir die oorneem van die moederlike take in ons Matthews-huishouding na Mammie se heengaan in 1998.

My broer Manfred, my skoonsuster Christelle en die nuutste byvoeging tot ons Matthews-gesin, klein Monica; dankie vir julle liefde en ondersteuning.

Elveira, my suster, vir jou onvoorwaardelike liefde en geduld vir lang ure se tikwerk. Dankie dat jy altyd daar is vir my.

Daddy, vir sy ondersteuning en motivering as liefdevolle en model ouer. U is sowaar 'n ouer duisend.

My Hemelse Vader, vir die krag en gesondheid wat Hy my geskenk het om die studie suksesvol te voltooi.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
OPSOMMING	ii
SUMMARY	iv
MEMORIUM	vi
DANKBETUIGINGS	vii
INHOUDSOPGAWE	viii
TABELLE	xii
HOOFSTUK EEN	
INLEIDING	1
1. Motivering vir die ondersoek	1
HOOFSTUK TWEE	
LITERATUURSTUDIE	4
2. Literatuuroorsig	4
HOOFSTUK DRIE	
NAVORSINGSMETODOLOGIE	14
3.1 Algemene doel van die studie	14
3.2 Doel en metodologiese oriëntasie	14
3.2.1 Betroubaarheid en geldigheid	16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 Deelnemers 18
3.3.1 Werwingsprosedure 18
3.3.2 Insluitingskriteria 18

3.4 Die onderhoudsproses 21

3.5 Instrumente 23
3.5.1 Biografiese Vraelys 23
3.5.2 Onderhoudsriglyn 23
3.5.3 Vignette 24

3.6 Data-Analise 25

3.7 Refleksie op die navorsingsproses 27

HOOFSTUK VIER

NAVORSINGSBEVINDINGE 30

4.1 Inleiding 30

4.2 Sigbaarwordende temas 30

4.2.1 Gerapporteerde moeder-en-seun-verhouding voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie. 31

4.2.1.1 Die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie dikwels eerstens teenoor die moeder en die sibbe. 34
4.2.1.2 Die selfbewustheidstadium en selfbemagtiging van die seun oor sy gay identiteit voor openbaarmaking teenoor die moeder. 37
4.2.1.3 Die bevestiging dat die moeder bewus was van die seun se seksuele oriëntasie reeds voor bekendmaking teenoor die moeder. 38
4.2.1.4 Moeder-en-seun-verhouding en die ondersteunende rol wat sy binne ouerverband inneem na die bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. 39

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2 Gerapporteerde vader-en-seun-verhouding voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie. 41

4.2.2.1 'n Patriargale sisteem wat binne gesinsverband bestaan het, wat ook saamhang met die vader se sosiale persepsies wat onder andere homofobie insluit. 43

4.2.2.2 Vader-en-gay seun-verhouding na die bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. 44

4.2.3 Ouerbetrokkenheid in terme van aanvaarding en ondersteuning na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. 45

4.2.3.1 Die kommunikatiewe vermyding van die gay onderwerp deur die ouer(s) binne gesinsverband. 47

4.2.3.2 Die sensitiwiteit en vermyding van gesprekke oor minnaars of metgeselle deur die ouer(s) binne gesinsverband. 48

4.2.3.3 Gereeldheid van kontak tussen ouer(s) en gay seun na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. 50

4.2.4 Die verhouding tussen gay broer en sibbe voor die openbaarmaking van die broer se seksuele oriëntasie. 52

4.2.4.1 Onvoorwaardelike aanvaarding en ondersteuning deur sibbe na die bekendwording van dié broer se seksuele oriëntasie. 53

HOOFSTUK VYF

SAMEVATTING 57

5.1 Bespreking 57

5.2 Beperkinge van die studie 65

5.3 Aanbevelings vir verdere navorsing 65

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS 67

BYLAES

Bylae 1: Onderhoudsriglyn 76

Bylae 2: Biografiese Vraelys 77

Bylae 3: Vignette 78

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABELLE

Tabel 1 : Biografiese inligting oor die deelnemers, asook hul ouers se huwelikstatus 20

Tabel 2 : Residensie van deelnemers tydens onderhoudsvoering. 21

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

'n Studie van hoe gay mans die "uitkomproses" ervaar nadat hulle hul seksuele oriëntasie teenoor hul ouers openbaar het, sal na verwagting meer informasie voorsien oor die gevoelens en reaksies wat onder dié omstandighede deur beide die ouers en hul gay seuns ervaar word (Cramer & Roach, 1988). Die doel van die huidige studie is dus 'n meer in-diepte- verkenning van aspekte van diè verhouding soos, die gereeldheid van kontak, die kwaliteit en inhoud van kommunikasie en die ouerlike ondersteuning soos deur gay mans ervaar. D'Augelli, Scott, Hershberger en Pilkington (1998) het in 'n onlangse ondersoek bevind dat die meeste gay seuns hul seksuele oriëntasie meer dikwels eerstens teenoor hul moeder bekendgemaak het. Dié navorsers het ook bevind dat daar egter 'n beperkte getal empiriese verhandelinge is oor hoe ouers sal reageer op hul kinders se seksuele oriëntasie, ongeag die ouderdom van die kind, ouderdom van die ouer, familiestruktuur of die gemeenskapskonteks. Hulle het ook bevind dat die meeste ouers waarskynlik negatief sou reageer op hul seun se gay identiteit. Hulle stel verder voor dat longitudinale navorsing moontlik die hipotese sou kon bevestig dat die fokuspunt in die proses van die openbaarmaking van 'n kind se seksuele oriëntasie die familie se reaksie is.

1. MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Die Suid-Afrikaanse samelewing is tans na die apartheidsbedeling nog in 'n transformasieproses wat alle sfere van die samelewing affekteer. Geskiedkundig gesien, het die apartheidsideologie in die verlede vele Suid-Afrikaanse burgers van 'n positiewe selfkonsep en selfwaarde ontneem en het dié era vele negatiewe letsels nagelaat as gevolg van 'n ideologie wat 'n bestel van skeiding op grond van ras, klas en kleur voorgestaan het. 'n Radikale klemverskuiwing het egter in 1994 plaasgevind toe 'n nuwe Grondwet die lig gesien het, en in samehang daarmee ook 'n Handves van Menseregte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geimplementeer is (Botha, 1995). Hierdie manifes maak dit eksplisiet dat alle groeperings, insluitend minderheidsgroepe, tans binne die Suid-Afrikaanse samelewing totale wetsbeskerming geniet. Hierdie groeperings sluit nie slegs verskillende rassegroepe in nie, maar ook voorheen onderdrukte groepe soos vroue, kinders, lesbiërs en gays. Aangesien die Suid-Afrikaanse grondwet die eerste en enigste in sy soort ter wêreld is wat uitdruklik die term seksuele oriëntasie in sy Menseregte Klousules insluit (De Vos, 1996), is dit van primêre belang om ook vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief die problematiek rondom homoseksualiteit te verken en te verklaar. Die konsep van gay identiteit is 'n onvermydelik deel van ons realiteit, ingebou in die kulturele milieu van die huidige historiese periode. Daarom is dit 'n kulturele fenomeen wat besig is om te floreer, en diegene wat hulself as lesbiër of gay identifiseer, daag honderde jare se sosiale onderdrukking, geheimhouding en weerhouding van menseregte uit (Gevisser & Cameron, 1995).

Die problematiek rondom dié lewensstyl, wat insluit teologiese en etiese kwessies, is nog vêr van opgelos. In Suid-Afrika is byvoorbeeld in 1999 eers, na navorsing van vier jaar, 'n gespreksdokument oor gay seksualiteit deur 'n ad hoc-komitee van die sinode van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk die lig laat sien (Erlank, 1999). In dié dokument het die NG kerk skuld bely dat hy in die verlede soms onsensitief en liefdeloos teenoor gays opgetree het en word voorgestel dat gay mense die ruimte gebied word om hul seksuele oriëntasie op 'n verantwoordelike wyse in alle fasette van hul bestaan te integreer. Volgens dié verslag het die NG Kerk sinode hom dus daartoe verbind om die liefdesgebod uit te leef teenoor gays wat seersekerlik 'n deurbraak sou beteken in die kerk se morele beskouing oor gay-wees. Bogenoemde perspektief sluit aan by die navorser se oortuiging dat dié sensitiewe onderwerp wat die meeste mense met stilswye bejeen, in die lig gestel moet word, sodat die realisme van die gay lewenstyl in al sy fasette erken kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. In die Apartheidsgeskiedenis is vele mense beperk en van positiewe selfgroei en selfontwikkeling ontneem as gevolg van interne en eksterne lewensbepalers.

Cilliers (1997) het bevind dat isolasie 'n hoofkomponent was van alle vorme van onderdrukking: isolasie van die self, die huis, die kerk, die gemeenskap en veral die betekenisvolle ander in die gay kind se lewe, die ouers. Cramer en Roach (1988) postuleer verder dat ouerlike aanvaarding vir kinders, ongeag hul seksuele oriëntasie, baie belangrik is en juis daarom verbloem baie gays 'n betekenisvolle deel van hulself uit vrees vir ouerlike verwerping. Vanuit hierdie veronderstelling motiveer die navorser die dringendheid en belangrikheid van die eksplorering van die gay seun se verhouding met die belangrike ander in sy lewe, die ouer(s), asook die moontlike positiewe en/of negatiewe impakte en uitwerkings wat die interne en eksterne ontbloting op die ouer-kind-verhouding mag hê. Die huidige studie beoog dus om die gay seun se verhouding met sy ouers voor en nadat hulle van sy seksuele oriëntasie bewus geword het te ondersoek. Dié spesifieke doelstellings is om te evalueer in watter mate die verhouding dit makliker of moeiliker gemaak het vir die seun om met sy ouers oor sy seksuele identiteit te praat, asook hoe, indien wel, die wete van die seun se seksuele oriëntasie die ouer-kind-verhouding beïnvloed het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK TWEE

LITERATUURSTUDIE

2. LITERATUUROORSIG

Daar is beraam dat een uit vier tot vyf families 'n gesinslid of –lede het wat op 'n sekere stadium gekonfronteer word met die realiteit van gay-wees (Neisen, 1987). Volgens Neisen begin al hoe meer individue hul seksuele oriëntasie as gay aanvaar en aan hul families openbaar. Neisen het verder ook tot die gevolgtrekking gekom dat al hoe meer families gekonfronteer word met die aanpassing by 'n gesinslid se gay-wees. In hul studie het Cramer en Roach (1988) bevind dat een van die redes vir die openbaarmaking van die gay seun se seksuele oriëntasie teenoor die ouers was om 'n nouer verhouding met die ouers te vestig. Algemene redes vir die openbaarmaking van die kind se gay identiteit teenoor die ouers, volgens Ben-Ari (1995), sluit in: om eerlik te wees teenoor die ouers en nie meer 'n leuen te lewe nie, om kommunikasiekanale tussen ouer en kind oop te maak, om familiebande te verstewig, en om geleenthede te skep vir gedeelde ondersteuning tussen beide ouer en kind.

Reeds vanaf 1973 is homoseksualiteit deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging uit die amptelike lys van psigopatalogieë weggelaat (American Psychiatric Association, 1994). Afgesien van die radikale paradigmatiese skuif het Schoeman, Ferreira en Botha (1993) bevind dat in die Suid-Afrikaanse samelewing die reël steeds geld dat seksualiteit binne gesinskonteks nog steeds 'n onaanvaarbare onderwerp van bespreking is. Dit het direk aanleiding gegee tot die gekompliseerdheid van die openbaarmaking van gay mense se seksuele voorkeur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In "A New Directory of Ethics" (Du Plessis, 1999) sê James Nelson dat homoseksualiteit onder alle rasse, nasionaliteite, etniese groepe, maatskaplike klasse en in alle periodes van die geskiedenis voorkom. In 'n onlangse ondersoek (Potgieter, 1997) is bevind dat al wat verskil, is die maniere waarop die lewenstyl uitgeleef word. Baie navorsing is ook al oor die betrokke onderwerp gedoen, maar vergeleke met ander lande, is daar nog groot tekorte in dié verband in die Suid-Afrikaanse literatuur. Daarom dat Schoeman et al. (1993) aanbeveel dat verdere studie gedoen word om die gevoelens en reaksies van sowel ouers as kinders na die bekendwording van die kind se seksuele oriëntasie, die invloed van die bekendwording op die ouer-kind-verhouding, die gereeldheid van kontak, konkrete ondersteuning en ander vorme van hulp beskikbaar aan die gay kind, te verken. Du Plessis (1999) postuleer ook verder dat dit belangrik is om buitestaanders en leke meer bewus te maak van die feit dat gay-wees nie slegs met seks te doen het nie, maar dat dit in die eerste plek gaan oor mense en menslike verhoudings.

Laird (1993) het bevind dat alhoewel die openbaarmaking van 'n kind se gay oriëntasie teenoor die ouer(s) baie meer sigbaarder geword het, dié openbaarmakingsproses slegs een faset in die ontwikkeling van lesbiër en gay identiteite is, veral siende die permanente rol wat ouers dikwels in kinders se lewens speel. Volgens Savin-Williams (1989) word heteroseksualiteit dikwels binne ouerverband aangemoedig, terwyl homoseksualiteit veroordeel word. Dit is die boodskap wat deur ouers aan hul kinders oorgedra word en word as sodanig deur die kind eers as adolessent en dan as volwassene geïnternaliseer. Hierdie gesindheid van ouers lei tot gevoelens van onsekerheid en vrese by gay kinders oor die ontbloting van hul seksuele oriëntasie teenoor hul ouer(s). Kus (1980) beklemtoon dus dat dit belangrik is vir die gay kind om gereed te wees vir die openbaarmaking van sy/haar seksuele oriëntasie teenoor die ouer(s). Volgens Chekola (1994) is die uitkomsproses nie 'n enkele gebeurtenis nie, maar wel 'n geleidelike proses. Die proses

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin met die erkenning eers teenoor die self, en brei dan uit tot die erkenning aan belangrike andere, byvoorbeeld die ouer(s), sibbe, familie en vriende.

Gehegtheid is 'n konsep wat verwys na die sterk affeksionele band wat van vroeg af tussen 'n kind en sy of haar primêre versorger, dus meesal die ouer(s), bestaan. Bowlby, die persoon wat die gehegtheidsteorie ontwikkel het, was van mening dat gehegtheid 'n basiese menslike behoefte is (Van Ijzendoorn & Scheungel, 1999). Van Ijzendoorn en Scheungel beskryf gehegtheid as 'n belangrike aspek van menslike ontwikkeling dwarsdeur die lewe, wat veral ook in die volwasse jare 'n invloed op verhoudings het. Volgens Holtzen, Kenny en Makalik (1995) ontwikkel sieninge van die self en andere hoofsaaklik in die konteks van 'n veilige gehegtheid. Die rol van veilige ouerlike gehegtheid in die bevordering van positiewe sieninge van die self en andere mag dus relevant wees vir die sielkundige welstand van gay kinders. Cramer en Roach (1988) wys daarop dat die voordele van "uitkom" oor seksuele identiteit, veral verbeterde algemene sielkundige aanpassing, verhoogde identiteitsvorming en verbeterde self-agting kan insluit. Verder het Stafford en Bayer (1993) ook bevind dat die ontwikkeling van 'n verbeterde self-agting by kinders direk gepaardgaan met die kind se geestelike welstand, lewenssatisfaksie, geluk, akademiese vordering, ego- ontwikkeling en lokus van kontrole. Dié navorsers het ook verder aangevoer dat die interne lokus van kontrole by gay kinders direk korreleer met akademiese vermoëns, geestelike welstand, beter emosionele aanpassing, beter deursettingsvermoë en veral dan verhoogde self-agting (Stafford & Bayer, 1993). Savin-Williams (1989) het bevind dat gay mans wat gemaklik is met hul seksuele oriëntasie gewoonlik die hoogste vlakke van self-agting geopenbaar het. Ferula (1999) het verder aangevoer dat die besluit van die gay seun om sy seksuele oriëntasie bekend te maak aan sy ouers, gebaseer was op die behoefte om die verhouding met sy ouers, sowel as sy eie geestelike welstand te verbeter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cramer en Roach (1988) en Remafedi (1987) het albei bevind dat gay kinders direk na die openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie teenoor hul ouers dikwels negatiewe ouer-en-kind-verhouding ervaar het, maar dat daar met verloop van tyd verbetering in dié verhouding plaasgevind het. Bekendwording met die kind se seksuele oriëntasie lei dikwels tot versteuring van die ouer-en-kind-verhouding en Ridge en Feeny (1998) skryf dit daaraan toe dat ouers, soortgelyk aan die rouproses, moontlik reaksies soos skok, hartseer, ontkenning, kwaadheid, skuld en uiteindelik aanvaarding kan beleef. Volgens Bateman (1994) kan die nuus van 'n kind se gay-wees ook bydra tot die verbrokkeling van die ouer se self-agting, aangesien die ouers voel dat dit hulle skuld is en dat hulle gefaal het in hul ouerlike rolle, asook in hul eie seksualiteit. Du Plessis (1999) bevestig die bevinding deur daarop te wys dat baie ouers, in 'n sekere mate, hulle kinders sien as 'n verlengstuk van hulself. Om homoseksualiteit in hul eie kind te aanvaar is dus 'n bedreiging vir die ouer(s) se ego. Du Plessis het ook verder bevind dat dié negatiewe reaksies van die ouers daartoe aanleiding gegee het dat die gay kind die onderwerp van gay-wees sal vermy om verdere seerkry te voorkom. Die saak word dus ontwyk en nie verder ondersoek nie. So leer niemand nie en die kloof verdiep. Hierdie reaksie kan ook lei tot finale verwydering tussen ouer en gay kind veral in die stadium wanneer daar aan beide kante 'n behoefte aan begrip, lojaliteit en ondersteuning is (Du Plessis, 1999).

Ben-Ari (1995) het bevind dat die ouers dikwels van hul gay kind se seksuele oriëntasie uitvind deur middel van aangesig tot aangesig gesprekke, per brief, oor die telefoon of via ander mense. Dié navorser het voorts daarop gewys dat die openbaarmaking van die gay kind se seksuele oriëntasie teenoor die ouer(s) dikwels plaasgevind het nadat die kind die voordele van ontbloting opgeweeg het teenoor die voordele van geheimhouding. Die intra-psigiese proses van selfbemagtiging het hoofsaaklik plaasgevind deur informasie verkry uit gedrukte bronne, onder andere boeke en tydskrifte, asook gesprekke met ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gays en lesbiërs (Neisen, 1987). Voorts wys Neisen daarop dat hoe meer bekend en vertroud 'n persoon raak met die onderwerp en die onderliggende dinamika daarvan, hoe makliker is dit om tot selfaanvaarding te kom. Dit sluit dus aan by Troiden (1988) se bevinding dat individue neig om hul eie gay en lesbiër identiteite reeds vroeg, voor openbaarmaking aan die belangrike ander in hul lewe, te verken.

D'Augelli et al. (1998) het bevind dat die gay kind gewoonlik ten minste teenoor een van die ouers sy seksuele voorkeur ontbloot. Ben-Ari (1995) en Du Plessis (1999) wys daarop dat ouers, veral die moeders, dikwels vermoed het dat hul kind gay is, maar eerder besluit het om die vermoedens vir hulself te hou. D'Augelli et al. (1998), Ridge en Feeny (1998) en Schoeman et al. (1993) het almal bevind dat die openbaarmaking van die gay kind se seksuele oriëntasie ook dikwels eerstens teenoor die moeder of susters geskied. In dié verband het Ferula (1999) bevind dat in die geval van die deelnemers aan sy ondersoek daar 'n nouer band tussen moeder en gay seun was en dat sy die een was wat binne ouerverband belangstelling getoon het en ook meer aanvaardend was. Dié navorser het verder aangevoer dat die kommunikasie tussen moeder en gay seun meer oop was as wat die geval met die vader was.

Cramer en Roach (1988) bevestig laasgenoemde bevinding deur daarop te wys dat die moeder-en-seun-verhouding reeds voor bekendwording van die gay seun se seksuele oriëntasie baie meer positief was. Dié navorsers het ook verder daarop aangedui dat die vader meer geneig was om negatief te reageer op die nuus dat sy seun gay is en sluit dus aan by Ferula (1999) se bevinding dat die verhouding tussen vader en gay seun minder positief was. Ferula (1999) het verder bevind dat die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie teenoor die vader meer dikwels as 'n krisis beleef was, as in die geval met die moeder. Volgens Cramer en Roach (1988) se bevindinge is die vader se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoonlikheidstrekke deur die deelnemers beskryf as outoritêr, en het dié navorsers ook bevind dat hoe minder geletterd die vader was, hoe meer was die verwagting dat hy negatief sou reageer op die seun se seksuele oriëntasie. Duidelike voorspellers wat direk verband hou met homofobiese oortuigings, volgens Levitt en Klassen (1974), was religieuse ortodokse oortuiginge, geloof in tradisionele seksrolle en 'n outokratiese instelling (Smith, 1971; MacDonald & Games, 1974). Smith (1971) voer verder aan dat diegene wat negatiewe houdings inneem teenoor gay mense dikwels outoritêr, statusbewus en seksueel rigied is.

'n Onlangse opspraakwekkende en roerende verhaal bevestig die navorsingsbevindings ten opsigte van die gay seun se verhouding met sy pa. 'n Pa en sy gay seun het op televisie versoen geraak, kort voordat dié seun koelbloedig vermoor is deur 'n vorige obsessiewe minnaar. Dié jong gay man van Goodwood in Kaapstad het met sy pa openhartig op televisie gepraat oor sy gay-wees en sy pa se geleidelike aanvaarding van sy lewenstyl (Lombaard, 1999). Die seun het vertel hoe hy sy ouerhuis moes verlaat het, omdat sy pa nie sy gay-lewenstyl kon aanvaar nie. Hy en sy pa het egter later tot versoening gekom en die verslae vader het na die moord op sy seun gesê dat hy dankbaar is vir die genade dat hy en sy seun kon vrede maak ("Die Burger", 1999). Bogenoemde gebeurtenis sluit aan by Cramer en Roach (1988) se bevinding dat die meeste ouers oorspronklik negatief gereageer het op die bekendwording van hul seun se gay oriëntasie, maar met verloop van tyd meer aanvaardend begin optree het. Dié navorsing het ook bevind dat ouerlike waardes asook persoonlikheidstrekke wat geassosieer word met homofobie, duidelike voorspellers was van 'n negatiewe impak van die openbaarmaking op die verhouding tussen ouer en gay seun.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
BIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Croteau en Morgen (1989) het bevind dat homofobie nie slegs 'n irrasionele vrees vir 'n gay seksualteit is nie, maar ook aanleidend is tot haat en diskriminasie teenoor lesbiërs en gays. Pharr (1988) voer verder aan soos in die geval van rassisme, die woord homofobie beelde van verlies van vryheid, verbale en fisiese geweld, asook die dood oproep. Volgens Friend (1990) en Reiter (1991) word homofobie direk verbind met seksisme en veral vaders se versterking van geslagsrolstereotipes. In die lig van ouers se reaksie na die bekendwording van die gay kind se seksuele oriëntasie het Storms (1978) ook bevind dat haat teenoor gay persone sterk gebaseer is op die siening dat gay seksualiteit tradisionele seksrolle in die samelewing bedreig. Volgens Du Plessis (1999) verarm homofobie die lewens van veral baie mans en skryf hy hierdie reaksies toe aan 'n persepsie dat manlikheid belangriker geag word as vroulikheid, siende die feit dat mans weerhou word van intimiteit in hul vriendskappe met ander mans.

Henderson (1998) postuleer dat na die ontbloting van die gesinslid se gay oriëntasie, die ouer opsigself weer gekonfronteer word met die openbaarmaking van hul seun se gay identiteit aan ander familielede, vriende en kollegas. Die navorser gaan verder deur te staaf dat die huidige sosiale klimaat ouers se vrese dat hul kind en hulself as sosiale uitgeworpenes ge-etiketteer sal word, verder verstewig. Dié vrese is 'n direkte uitvloeisel van homofobiese en stereotipiese wanopvattings wat lei tot negatiewe emosies en diskriminerende gedrag wat 'n negatiewe invloed mag hê op die ouer-kind-verhouding (Du Plessis, 1999). McCubbin en Patterson (in Neisen, 1987) identifiseer drie stadias van aanpassing as 'n gesin reageer op so 'n krisissituasie : 1) weerstand, 2) herstrukturering en 3) bevestiging. Volgens dié navorsers kom weerstand in die gesin na vore in strategieë van vermyding en eliminasie, terwyl in die herstruktureringstadium die gesin se bereidheid bevestig word om die situasie te herdefinieer en aan te spreek. Tydens die stadium van bevestiging bereik die gesin 'n gesonde balans in die lid-tot-gesin, en gesin-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot-gemeenskap konteks. Volgens Neisen (1987) gaan nie alle gesinne deur 'n krisisstadium in die proses om vrede te maak met 'n gesinslid se gay identiteit nie. Volgens Neisen sal gepaste opvoeding en genoegsame beskikbare bronne van informasie bydra tot die fasilitering van 'n gesonde gesinsaanpassing wanneer 'n gesinslid uitkom teenoor die res van die gesinsisteem.

Schoeman et al. (1993) het ook bevind dat wanneer 'n gesinslid se gay oriëntasie na vore kom, dubbelbinding boodskappe in die gesin se kommunikasie kan ontwikkel. Die dubbelbinding boodskappe is daarin gesetel dat die gay kind deur 'n boodskap van aanvaarding vanaf die ouers uitgenooi word tot groter nabyheid, maar terselfdertyd verwyt word vir die lewenstyl deur nie daaroor te kommunikeer nie. Du Plessis (1999) het verder bevind dat wanneer die gay kind se vriend of vriendin nie saam huis toe genooi kan word vir geleenthede soos verjaarsdae, Kersfees of ander gesinsbyeenkomste nie, dit aanleiding kan gee tot permanente verwydering tussen ouer(s) en die gay kind. Verwerping of nie-aanvaarding van die geliefde word ook as 'n persoonlike verwerping deur die gay kind aanvaar. Die kind word dus geforseer om 'n dubbele lewe te lei of om weg te breek van die gesin. Desnieteenstaande die verlating van die gesin, speel die sibbe, veral susters, dikwels nog 'n insiggewende rol in die gay broer se ondersteuningsnetwerk.

Schoeman et al. (1993) het ook bevind dat naas die moeder, die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie dikwels teenoor die suster(s) geskied en dat die verhouding met die suster(s) aansienlik verbeter het, veral in terme van emosionele nabyheid. Welch-Griffen, Wirth en Wirth (1986) het verder bevind dat indien die sibbe reeds voor bekendwording van die broer se seksuele oriëntasie 'n goeie verhouding gehad het, die openbaarmaking geensins 'n negatiewe impak op die verhouding sal hê nie. Die bekendwording van die gay broer se seksuele oriëntasie dra ook dikwels daartoe by dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die sibbe gekonfronteer word met hul eie vooroordele en maak hulle ook meer sensitief vir die samelewing se persepsie van homoseksualiteit. Morales (1989) het egter bevind dat sommige families wel besluit om die gay lewenstyl van hul kind te aanvaar, maar verkies om nie daaroor te praat nie. Bateman (1994) bevestig die bevinding deur daarop te wys dat die ouers dikwels hul kind se seksuele oriëntasie in teorie aanvaar, maar die seksuele aspek verwerp deur daarin te glo dat die seun se minnaar of metgesel slegs 'n platoniese vriend is. First (1995) postuleer verder dat die ingewikkeldste aspek van die kind se seksuele oriëntasie vir die ouers, die waarneming van die fisiese intimiteit tussen die kind en sy minnaar is.

Nesmith, Burton en Cosgrove (1999) het bevind dat lesbiërs, gays en biseksuele individue dikwels 'n "gesin van keuse" of 'n "uitgebreide familie" onder ander gays en lesbiërs ontwikkel, veral in die geval waar ouerlike verwerping voorkom. In aansluiting hierby verwys Van den Heever (1997, pp.38-39) na Cilliers wat gewaarsku het dat nie alle gay persone hulself onvoorwaardelik aan hul geliefdes kan openbaar nie, terwyl Du Plessis (1999) daarop wys dat indien ouer-kind-verhouding voorheen goed was, die kanse beter is dat die ouer ook hierdie situasie goed sal kan hanteer. Mays, Chatters, Cochran en Mackness (1997) voer aan dat die aanvaarding van 'n gay kind se seksuele oriëntasie deur die ouers 'n betekenisvolle bydrae kan lewer in die ouer(s) se latere jare, omdat dit dikwels dié kinders is wat 'n integrale rol speel in die voorsiening van ondersteuning aan hul bejaarde ouers.

Die literatuur dui dus aan dat dit nie 'n maklike proses is vir 'n gay seun om sy seksuele oriëntasie teenoor sy ouers te erken nie. Wanneer hy dit doen, is die reaksies van die ouers dikwels uiteenlopend. Meestal is dit die moeder wat dit reeds voor die openbaarmaking aangevoel het en was sy die een binne ouerverband, wat die seun se gay

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

identiteit kon aanvaar. Dit is ook duidelik dat sosiale gebruike en opvattings wat steeds 'n negatiewe klimaat vir die gay kind skep, hierdie gebeurtenis bemoeilik. Trouens, 'n gesin is ingebed in 'n bepaalde sosiale struktuur. Graziano (2000) het die Suid-Afrikaanse konteks soos volg bewoord: "This *out of sight* and *out of mind* mentality of homosexuality not existing in South African cultures makes identifying oneself as gay, lesbian or bisexual extremely difficult" (p6).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK DRIE

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 ALGEMENE DOEL VAN DIE STUDIE

Die primêre doel van die huidige studie is om die verhouding te verken tussen ouer en gay seun voor en na openbaarmaking van dié seun se seksuele oriëntasie teenoor die ouers.

3.2 DOEL EN METODOLOGIESE ORIËNTASIE

Aangesien die doel van die studie is om die ouer en gay seun verhouding voor en na die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie aan die ouers te verken, is besluit op 'n kwalitatiewe navorsingsmetode. Lindlof (1995) postuleer dat 'n kwalitatiewe metodologiese benadering meer gepas is vir die ondersoekende vraagstelling rondom sake soos kultuur, interpretasie en mag. Potgieter (1997) wys verder op die bruikbaarheid van dié metodologiese benadering in terme van die verkenning van sensitiewe onderwerpe, soos onder andere seksualiteit. Verder het die kwalitatiewe metodologie ten doel om by te dra tot meer begrip vir die volle omvang en diepte van individue se ervaringe. Dié metodologiese benadering berus verder op die veronderstelling dat dit belangrik is om die realiteit van die subjektiewe persepsies van individue te verstaan en dat dié kennis sodoende kan bydra tot die studie van die betrokke fenomeen. Met ander woorde dit handel nie oor 'n teorie wat bewys moet word nie, maar het eerder te doen met die verkenning van 'n relatief onbekende area van navorsing en dit wat relevant is tot daardie area en wat verder daaruit kan voortspruit (Strauss & Corbin, 1990).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mason en Bramble (1989), Van Maanen (1983) en Schurink en Schurink (1988) is dit almal eens dat kwalitatiewe navorsing die interpretasie van die navorser se waarnemings en indrukke behels. Volgens Schoemann en Botha (1991) is die kwalitatiewe navorser bereid om self by die studie betrokke te raak, nuwe inligting te bekom, en deur hom/haarself by die situasie aan te pas, ook uit die situasie te kan leer. Die navorsers beklemtoon verder dat dit ook 'n geleentheid bied om die klem te laat val op die betekenis van die fenomeen soos intern deur die betrokkenes beleef word. Verder postuleer hulle dat die fokus van die kwalitatiewe benadering is om die sosiale werklikheid te beskryf vanuit die oogpunt van die deelnemers en sodoende dan intensief betrokke te raak by die deelnemers. Volgens Rubin en Rubin (1995) kan kwalitatiewe navorsing gesien word as 'n avontuur, omdat elke stap van die navorsing nuwe informasie meebring en nuwe vensters tot die ervaringe van mense open. Dit beklemtoon dat menslike gedrag nie verstaan kan word sonder verwysings na die betekenis en doel wat individue heg aan hul eie ervaringe nie (Cresswell, 1994; Silverman, 1993).

'n Verdere kenmerk van die kwalitatiewe verwysingsraamwerk is dat die stemme van die deelnemers gehoor word (Guba & Lincoln, 1994). Voorstaanders van kwalitatiewe navorsing beklemtoon ook dat dié metode 'n aansienlike proses van buigsaamheid toelaat (Crabtree & Miller, 1992). Een van die belangrikste kenmerke wat deur die kwalitatiewe navorsingsmetode versterk en aangemoedig word, is refleksiwiteit (Bannister, Burman, Parker, Taylor & Tindall, 1994). Laasgenoemde navorsers gaan van die veronderstelling uit dat die proses van refleksiwiteit die navorser aanmoedig om gedurig nadenkend te wees oor die dinamiek van die navorsingsontwerp, die proses en evaluasie, asook die integrale betrokkenheid van die navorser in die konstruksie van kennis en die verspreiding daarvan (Bannister et al., 1994).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uitgaande, dus, van bogenoemde uitgangspunte postuleer die huidige navorser dat 'n kwalitatiewe benadering die potensiaal het vir 'n verdere oriëntering tot ons huidige verstaan van die kompleksiteit van die gay lewenstyl, veral gesien die verloop van die ouer en gay seun se verhouding. Om hieraan uitvoering te gee, het die huidige navorser die volgende stappe geneem: Eerstens het die navorser 'n literatuur oorsig van resente bronne oor die onderwerp van gay mans en hul verhouding met hul ouers gedoen. Tweedens het hy 'n observerende rol ingeneem ten einde bekend en vertroud te raak met die onderwerp, om homself ten opsigte van die onderwerp te oriënteer en ook sodoende idees te genereer wat later in die navorsingsproses verken sou kon word. Dit het geskied deur middel van kontak met organisasies soos Les-Be-Gay en die Triangle Project, asook gesprekke met gay individue. Derdens is individuele onderhoude met die deelnemers gevoer. Dié onderhoude is getranskribeer, en die getranskribeerde verbatims is daarna geanaliseer vir sigbaarwordende temas (sien afdeling 3.6). Laastens is die teoretiese paradigma hoofsaaklik vanuit 'n sosiaal-konstruktionistiese parallel verken deurdat mense verhale oor hul eie seksuele identiteite kon konstrueer en die klem geplaas is op die redevoering wat hulle gebruik wanneer hulle praat oor wie hulle is, en hoe hulle ontwikkel het tot waar hulle hulself op daardie tydstip bevind (Wilkinson, Kritzinger, Milton & Coyle, 1998). Volgens dié navorsers gaan sosiale konstruktionisme van die veronderstelling uit dat die lesbiër en gay kategorieë hoofsaaklik produkte is van 'n spesifieke historiese, kulturele en politieke konteks. In die lig van bogenoemde bevindinge is 'n kwalitatiewe benadering gesien as die mees gepaste vertrekpunt om die verhouding wat bestaan tussen ouer(s) en gay seun van nader te ondersoek.

3.2.1 Betroubaarheid en geldigheid

Kwalitatiewe navorsing word gekritiseer op grond daarvan dat dit subjektief en nie wetenskaplik verdienstelik is nie (Bannister et al., 1994 ; Denzin, 1994). Kwalitatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsers het dus nie slegs die opvatting van wetenskaplike objektiwiteit uitgedaag nie, maar ook hoe objektiwiteit gedefinieer word, bevraagteken. Volgens Ragin (1994), word daar ook na objektiwiteit verwys as 'n illusie, omdat volgens dié navorser, daar niks is waarvan 'n mens hom/haarself kan distansieer nie. Die kwessie rondom betroubaarheid en geldigheid was dus nog altyd 'n aspek van die debat wat deur empirici betwis is (Altheide & Johnson, 1994).

In die geval van die huidige ondersoek is betroubaarheid aangespreek deurdat die analitiese prosedure deur 'n tweede analis herhaal is. 'n Hoë graad van ooreenstemming is verkry tussen die resultate van die huidige navorser en die tweede analis. Beide die analitiese prosedures en die resultate wat opgelewer is, kan dus as betroubaar geag word.

Met verwysing na geldigheid is konseptuele geldigheid aangespreek deurdat die huidige navorser se ontledings en konseptualiserings vir kritiese beoordeling aan 'n tweede, onafhanklike navorser voorgelê is. Teenstrydighede, afwykings en verskille in opinies is bespreek en deur die bereiking van konsensus opgelos.

Bevindinge van die navorser moet nie gesien word as die finale woord betreffende die onderwerp nie, maar eerder as nog bykomende bevindinge, as deel van 'n legkaart wat altyd herhaaldelik besoek en aangevul kan word (Dalla Cia, 1994). Die soeke vir voldoende beskrywings en interpretasies is volgens Dalla Cia 'n belangrike deel van die wetenskap op sigself. Volgens Giorgi (1978) is die proses van kwalitatiewe navorsing nie slegs iets wat slegs eenmalig gedoen en aanvaar word nie, maar eerder 'n proses wat herhaaldelik beproef kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 DEELNEMERS

3.3.1 Werwingsprosedure

In die werwing van deelnemers is die sneeubalmetode gebruik (Bailey, 1978). Potensiële deelnemers is deur middel van vriendskapsnetwerke geïdentifiseer, en hulle is gevra om ook ander moontlike deelnemers aan te beveel. 'n Lys van potensiële deelnemers wat bereid was tot deelname is deur die navorser opgestel. Vervolgens is met elkeen individueel telefonies kontak gemaak, waar ooreengekom is oor inligtingsessies indien so verkies, anders is afsprake vir onderhoude geskeduleer.

3.3.2 Insluitingskriteria

Slegs volwasse mans vanaf die ouderdom van 18 en ouer, wat hulself as gay identifiseer en wat Afrikaans- of Engelssprekend is, is in die ondersoek betrek. Die riglyne vir insluiting tot die studie was dat die deelnemers aan die volgende kriteria moes voldoen:

i) Manlik;

ii) Agtien jaar en ouer;

iii) Alreeds hul seksuele orientasie teenoor een of beide ouers bekend gemaak het;

iv) Engels -of Afrikaanssprekend;

v) Woonagtig in Paarl, Stellenbosch en Kaapstad; en

vi) Aanvaar dat geen besoldiging vir deelname aan die navorsing ontvang sal word nie.

Die kriterium ten opsigte van residensie was om toeganklikheid tot die deelnemers te verseker. Ses deelnemers is op grond van bogenoemde insluitingsvereistes geselekteer. Vier van die deelnemers was hoofsaaklik Afrikaans- en twee van die deelnemers hoofsaaklik Engelssprekend. In terme van Suid-Afrika se rasbedeling was drie van die deelnemers as sogenaamd "Blank" en drie deelnemers as "Kleurling" geklassifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die huidige studie is van 'n gerieflikheidssteekproef gebruik gemaak. Soos uitgelig deur Bailey (1987) is die gebruik van eksperimentele prosedures onprakties in die studie van sogenaamde afwykende subkulture waar menigte respondente nie altyd sigbaar mag wees nie. In 'n homofobiese samelewing soos Suid-Afrika (Glanz, 1988) is lesbiese vroue en gay mans dikwels 'n versteekte populasie en is die parameters van dié populasie dikwels onbekend en kan 'n willekeurige sowel as 'n verteenwoordigende steekproef dikwels nie getrek word nie (Weinberg, 1970). Gegee die struikelblok is 'n poging aangewend om 'n heterogene groep deelnemers te bekom deur kanale soos onder andere Les-Be-Gay (Organisasie vir homoseksuele en biseksuele studente en personeellede aan die Universiteit van Stellenbosch) en Triangle Project (Organisasie vir lesbiërs en gays te Kaapstad). Die minumum toelatingsvereiste was dus die bevestiging dat die persoon gay is, en reeds sy seksuele oriëntasie aan die ouer(s) bekendgemaak het.

Alle deelnemers in die huidige ondersoek het hulself as gay geïdentifiseer en het reeds hul seksuele oriëntasie teenoor 'n ouer of beide ouers bekend gemaak. Drie van die deelnemers wie se ouers òf geskei òf agtergebly het as gevolg van die dood van 'n eggenoot, het hul seksuele oriëntasie aan slegs die enkel of agtergeblewe ouer bekend gemaak. Die hoeveelheid self-ontsluiting wat as toepaslik beskou word, sou verskil van kultuur tot kultuur (Dimond & Hellkamp, 1969). In die lig van die aard van die deelnemers in hierdie studie, is die invloed van selfontsluiting en selfontbloting van die gay seun teenoor die ouers met 'n Westerse kultuur as agtergrond, nagevors.

In 'n studie soos die huidige is dit volgens Kruger (1989) wenslik dat deelnemers aan die volgende vereistes moet voldoen:

i) Deelnemers moet ervaring hê van die fenomeen wat ondersoek word;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ii) Deelnemers moet verbaal vloeiend wees en in staat wees om hul gevoelens te kommunikeer, spesifiek ook ten opsigte van gedagtes en persepsies aangaande die onderhawige fenomeen;

iii) Deelnemers moet dieselfde huis- of eerste taal praat as die navorser;

iv) Deelnemers moet bereid wees om in 'n oop gesprek met die navorser oor die onderhawige fenomeen te gaan; en

v) Deelnemers moet naïef wees tot sielkundige teorie.

Al ses deelnemers het aan bogenoemde kriteria voldoen.

Enkele biografiese besonderhede oor die deelnemers en hul ouers word in Tabel 1 verstrek.

Tabel 1
Biografiese inligting oor die Deelnemers, asook hul Ouers se Huwelikstatus

DEELNEMER INLIGTING					OUERS SE HUWELIKSTATUS			
Deelnemer	Geslag	Ouderdom	Opvoedkundige Kwalifikasies	Werkstatus	Getroud	Enkel Ontval	Beide Ontval	Geskei
1	Manlik	39	Matriek	Versekeraar			M/V	
2	Manlik	21	N.D. : Sake-bestuur	Student				A
3	Manlik	21	B.A. : Inter-nasionale Studies	Student	M/V			
4	Manlik	26	Matriek	Klerk		V		
5	Manlik	25	B.Tech : Argitek-tuur	Argitek				A
6	Manlik	34	N.D.: Voedsel-diensbestuur	Restaurateur	M/V			

Notas : A : Albei
M: Moeder
V : Vader

Dit blyk uit Tabel 1 dat vier van die deelnemers aan die ondersoek in hul twintigerjare was, terwyl twee reeds in die dertigs was. Twee het oor graad twaalf beskik, twee het oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nasionale diplomas beskik, terwyl twee oor B-grade beskik het. Twee van die deelnemers was studente en vier het reeds gewerk. Dit blyk verder dat een deelnemer reeds beide ouers, en een deelnemer een ouer aan die dood afgestaan het. Twee deelnemers se ouers was steeds in die huwelik verbind, terwyl twee deelnemers se ouers geskei was.

In Tabel 2 word opgesom waar die deelnemers ten tyde van die ondersoek gewoon het.

Tabel 2
Residensie van Deelnemers tydens Onderhoudsvoering

DEELNEMERS	RESIDENSIE VAN DEELNEMERS		
Nommer van Deelnemers	Met Metgesel	Eie Woonstel	Met Ouers
1	1		
2		1	
3		1	
4		1	
5			1
6	1		

Dit blyk uit Tabel 2 dat twee van die deelnemers woonagtig was met hul metgeselle, drie deelnemers het op hul eie gewoon en een deelnemer was nog woonagtig in sy ouerhuis.

3.4 DIE ONDERHOUDSPROSES

Met die oog op die onderhoud is aan die deelnemers die keuse gestel dat die onderhoud by òf die huis van die navorser, òf dié van die deelnemer, òf op enige ander alternatiewe plek kon plaasvind. Drie van die deelnemers het hul eie huise verkies, terwyl een gekies het om die onderhoud by die navorser se huis te voer en twee deelnemers het gebruik gemaak van die alternatiewe keuses, onder andere die onderhoudslokaal van die Universiteit van Stellenbosch se biblioteek.

Met die aanvang van die onderhoud, is die deelnemers ingelig oor die oorsprong en doel van die navorsingsprojek. Hulle was ook ingelig dat hul deelname aan die ondersoek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlik kan bydra tot beter insigte in die subjektiewe betekenis van die seksuele oriëntasie van gay persone. Deelnemers was ook ingelig oor die professionele en akademiese agtergrond van die navorser. Krueger (1994) ondersteun die beginsel om agtergrondinformasie oor die navorser en die proses aan die deelnemers te verskaf. Veral aangesien die navorsingsonderwerp sensitief is, kan dit help om die deelnemers meer op hul gemak te laat voel en sodoende optimale deelname te verseker. Deur die voorsiening van agtergrondinformasie oor die navorser is gehoop dat dit sou kon bydra tot die vermindering van angstigheid of die terughouding van sekere betekenisvolle inligting deur die deelnemers. Dit is ook in lyn met die etiese beginsel van ingeligte toestemming (Professional Board for Psychology, 2000). Dit dra ook verder by tot sekerheid by die deelnemers dat die navorser oor die nodige vaardighede beskik om die onderhoud te voer en dat die navorser onderlê is in die etiese prosedures en voorskrifte onderliggend aan die navorsingsproses.

Konfidensialiteit en anonimiteit is aan die deelnemers verseker, sowel mondelings as skriftelik. 'n Verduideliking is ook mondelings aan die deelnemers gegee oor die gebruik van die bandopnemer en onderhoude is slegs met hul toestemming op band geneem. Slegs een onderhoud is met elke deelnemer gevoer en die onderhoud het tussen een en twee ure geduur. Die duur van die onderhoude was uitsluitend deur die deelnemers bepaal en toestemming is verkry van deelnemers vir die disseminasie van sekere inligting.

Nadat die deelnemers voorsien is van inligting oor die onderhoudsproses is 'n biografiese vraelys voltooi. Gedurende die onderhoud met slegs een van die deelnemers was dit noodsaaklik om gebruik te maak van die semi-gestruktureerde onderhoudsriglyn (sien Afdeling 3.5.2). Na afloop van die onderhoude is die deelnemers bedank vir hul bydrae

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot die navorsingsprojek en is hul toestemming verkry om hulle verder te kontak indien dit tydens die transkribering sou blyk dat daar sake is wat verdere opheldering noodsaak. Daarna het 'n ontlontingsgesprek oor die onderhoud self gevolg, onder andere oor hoe die deelnemers die onderhoud ervaar het, en om duidelikheid te bekom oor enige onsekerhede wat nog by die deelnemers kon opduik na die onderhoudsgesprek.

3.5 INSTRUMENTE

Benewens die onderhoude is tydens die ondersoek ook gebruik gemaak van 'n biografiese vraelys, 'n semi-gestruktureerde onderhoudsriglyn en 'n vignette.

3.5.1 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys het hoofsaaklik die sosio-demografiese inligting van die deelnemers vervat. Dit het ingesluit persoonlike informasie aangaande deelnemers se ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies, werkstatus, sowel as gesinsstruktuur. Die rasionaal vir die inwinning van agtergrondinligting was om moontlike onderbrekings gedurende die onderhoudsvoering tot die minimum te beperk. Persoonlike hulp is aan deelnemers verleen met die invul van die vraelys (sien Bylae 1).

3.5.2 Onderhoudsriglyn

Die onderhoudsriglyn was die enigste instrument wat bedoel was vir data-insamelingsdoeleindes en om seker te maak dat alle sake betreffend die onderwerp gedek is. Die bedoeling was dat dit aangewend sou word in gevalle waar die deelnemer nie spontaan inligting kon verskaf nie.

Die onderhoudsriglyn was hoofsaaklik gebaseer op die volgende:

i) Besprekings met kenners oor gay-kwessies;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ii) 'n Bestudering van resente literatuur oor homoseksualiteit, veral Suid-Afrikaanse literatuur;

iii) Voorafgaande onderhoude met gay mans wat goed bekend is aan die navorser, sowel as persone bekend en vertroud in die gay gemeenskap wat alreeds 'n gevestigde sosiale netwerk gehandhaaf het.

iv) Besoeke aan organisasies wat hul beywer vir mense regte, wat ook gay regte insluit.

Die onderhoudsriglyn is gedurende 'n proef onderhoud met 'n gay persoon gebruik wat nie 'n deelnemer aan die ondersoek was nie. Dit is gedoen ten einde te verseker dat dit toepaslik was vir die doeleindes van die ondersoek (sien Bylae 2).

3.5.3 Vignette

Die vignette was hoofsaaklik ontwerp om, indien nodig, bespreking te genereer rondom sleuteltemas oor die onderwerp (Stewart & Shamdasani, 1990). Die doel van die vignette is om deelnemers in staat te stel om hulself te distansieer van angswekkende situasies waar hul hulself moet blootstel en om hulle sodoende te help sodat hulle hul gevoelens en persepsies vrylik kan projekteer (Kaplan & Sadock, 1998). Die besluitneming om voorsiening te maak vir 'n vignette is gebaseer op die suksesvolle gebruik van dié instrument deur Potgieter (1997) in 'n onlangse navorsing oor seksualiteit. Die vignette was slegs in Engels beskikbaar (sien Bylae 3). In die huidige ondersoek is die vignette slegs as bystand-instrument byderhand gehou om vrye vloei van bespreking te verseker indien 'n deelnemer dit moeilik sou vind om oor die onderwerp te praat en sy ervaringe sodoende te deel. Dit was egter nie die geval nie en die vignette is dus nie gebruik in enige van die onderhoude nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 DATA-ANALISE

In die analise van data is gebruik gemaak van beskrywende en tematiese analises. 'n Beskrywende analise is gedoen om sodoende persoonlike inligting van deelnemers te beskryf (sien Afdeling 3.3). Die tematiese analise is gebruik om die inhoud van die onderhoude te analiseer ten einde die dominante temas te identifiseer. Die proses van analise het veral ingesluit die tematiese kategorisasie en klassifikasie van resultate (Rubin & Rubin, 1995). Soos uiteengesit deur Rubin en Rubin (1995) het die proses plaasgevind deur middel van 'n dialoog tussen navorser en data wat die volgende vier basiese stappe ingesluit het: 1) 'n Intuïtiewe en holistiese verstaan van data wat bekom is; 2) Die sigbaarwording van ooreenkomste en temas; 3) Refleksie oor en 'n sintese en transformasie van data wat bekom is; en 4) Klassifikasie van kategorieë. Die navorser is verder geïnspireer deur Marshall en Rossman (1995) se nie-liniêre model vir die analisering van kwalitatiewe data wat grootliks aansluit by Rubin en Rubin (1995) se benadering. Die model identifiseer vyf prosedurele stappe wat insluit:

i) die organisering van data;

ii) die generering van kategorieë, temas en patrone;

iii) die toetsing van die sigbaarwordende kategorieë en patrone;

iv) 'n soeke na alternatiewe verduidelikings; en

v) die skryf van die verslag.

Marshall en Rossman (1995) postuleer ook verder dat daar geen standaardmetode is vir die analisering van kwalitatiewe data nie. Hulle voer verder aan dat metodologiese besluite gebaseer word op die keuses wat gemaak word in 'n spesifieke navorsingstudie, asook veral die refleksie en die regverdiging van dié keuses. Siende Marshall en Rossman (1995) se aanbevelings is ander metodes wat ontwerp is deur Lindlof (1995), Reissman (1993), Riley (1990) en Silverman (1993) ook as bruikbaar gevind in dié

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verband. In die lig van bogenoemde beskouings is die data in die huidige studie ontleed deur van die stappe soos in 3.6.1 uiteengesit, gebruik te maak.

3.6.1 Organisering van Data

Die navorser het alle bandopnames self verbatim getranskribeer. 'n Voordeel van die persoonlike transkribering van onderhoude is dat dit die navorser in staat stel om vertroud te raak met die data (Reissman, 1993). Die data is daarna ook herhaaldelik gelees met die oog daarop om meer insig te bekom in die teks (Silverman, 1993). Riley (1990) verwys na die sigbaarwordende data as 'n proses waardeur die navorser moet 'hoor wat die data sê', veral deur die herhaaldelike lees van die transkripsie (Silverman, 1993). Dit is ook belangrik om daarop te wys dat volgens Lindlof (1995) die sosiale interaksie wat tussen die onderhoudsvoerder en die deelnemer bestaan, bekend gemaak word, om sodoende die leser in staat te stel om te oordeel oor die geldigheid van die bevindinge van die navorsing.

3.6.1.1 Generering van kategorieë, temas en patrone

Die getranskribeerde teks van die onderhoude is geanaliseer vir die identifisering van sigbaarwordende temas, herhaalde idees en patrone.

3.6.1.2 Toetsing van sigbaarwordende kategorieë en patrone

Die geloofwaardigheid en houdbaarheid van die kategorieë en patrone is gedurende die fase geëvalueer teen die agtergrond van die teks en bestaande literatuur oor die onderhawige onderwerp. Aandag is ook aan die betroubaarheid en geldigheid van die resultate gegee deur dit te toets teen onafhanklike ontleders se bevindings (sien afdeling 3.2.1), asook 'n proses van refleksie (sien afdeling 3.7).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.1.3 Soeke na alternatiewe verduidelikings

Dié fase beklemtoon die soeke na alternatiewe verduidelikings vir die sigbaarwordende temas, patrone en kategorieë en verbindinge tussen hulle.

3.6.1.4 Skryf van die verslag

Gedurende hierdie fase is die verskillende tendense in die data verduidelik. Tydens hierdie fase van die navorsing speel die navorser 'n aktiewe rol in die interpretasie proses van die sigbaarwordende data (Riley, 1990). Die bevindinge word in Hoofstuk vier aangebied.

3.7 REFLEKSIE OP DIE NAVORSINGSPROSES

Potgieter (1997) wys op die belangrikheid van refleksie as 'n sentrale komponent van die navorsingsproses. Die proses van refleksie moedig die navorser aan om deurlopend self oor die verloop van die navorsingsproses te besin. Volgens Potgieter (1997) dra die proses van reflektering by tot meer insig in, en 'n verstaan van die konteks waarin die analise plaasvind. Die navorser se betrokkenheid word hier beklemtoon en sluit in erkenning en aanvaarding van die navorser se unieke individualteit en is gebaseer op die navorser se ervaringe en gedagtes soos opgeskryf in 'n persoonlike dagboek gedurende die proses van navorsing. Dit sluit ook in besluite wat geneem is, gedagtes oor die proses, asook 'n proses van ontlonting van gevoelens wat ervaar is gedurende die meelewing met die deelnemers se realiteite soos dit aan die navorser geopenbaar is.

Gedurende die persoonlike onderhoude met die deelnemers het die huidige navorser tot die besef gekom dat die deelnemers totale toegang tot hul verlede aan hom gebied het; 'n verlede wat vir so lank agter geslote deure toegegrendel was. 'n Wêreld van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooroordeel, stilswye, isolasie en uiteindelik bevryding. Dié verkenningstog het die navorser weereens in kontak gebring met sy eie ervaring van onderdrukking, vooroordeel en diskriminasie. Positiewe agting, respek en opregtheid was die boustene wat die individu tot individu interaksie onderlê het.

Tydens die onderhoudsessies was al die deelnemers baie gemaklik en deurgaans bereid om hul pyn, smart en vreugde met die navorser te deel. Hulle ervaringe is weergegee met diepe insig, oopheid en eerlikheid. Van die deelnemers was weereens gekonfronteer met sensitiewe ervaringe vanuit die verlede wat nie altyd goeie herinneringe opgeroep het nie. Een deelnemer het dit soos volg gestel : "Ek het nog nooit so daaraan gedink nie..." Die huidige navorser het gevoel dat sy professionele opleiding in die Sielkunde hom goed toegerus het met die nodige onderhoudsvaardighede om 'n veilige en ondersteunende omgewing te skep vir die sensitiewe ontblotingsreis van die deelnemers.

'n Enkele voorbeeld dien ter illustrasie. Een deelnemer het onbewustelike gevoelens van kwaadheid geopenbaar terwyl hy gepraat het oor die verhouding tussen hom en sy vader. Dit was veral deur die toename in die deelnemer se stemtoon en sy nie-verbale kommunikasie sigbaar dat hy op daardie oomblik baie ontsteld was. Met die verloop van die onderhoud het hy egter meer ontspanne voorgekom. Die huidige navorser kon dus daarin slaag om 'n veilige omgewing te skep waarin die deelnemer sy gevoelens kon ontdek. Dieselfde deelnemer het verder die volgende stelling gemaak in terme van sy verhouding met sy ouers: "... from my mother's side, definitely neglected and from my father's side ostracized". Hierdie stelling het ook gevoelens van verontregting en onregverdige behandeling van kinders deur ouers by die huidige navorser opgeroep wat hy kon herken en hanteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit word algemeen aanvaar dat in die proses van navorsing die navorser 'n meer magtige posisie inneem as die deelnemer (Brennan, Brown & Carter, 1985). Brennan et al. (1985) wys egter ook daarop dat die navorser afhanklik is vir toegang tot deelnemers wat enige tyd deelname kan weier indien so verkies, en sodoende die navorser in 'n minder magsposisie plaas. Teen dié agtergrond is die deelnemers in die huidige studie die geleentheid gebied om self te besluit op 'n onderhoudslokaal wat vir hulle die gerieflikste en gemaklikste sou wees. Die deelnemers kon ook self besluit tot watter mate betekenisvolle inligting met die navorser gedeel sou word, veral in relaas tot die vrae wat aan hulle gestel is. Op hierdie wyse het die huidige navorser onder andere die kwessie van selfkontrole deur die deelnemers aangespreek. Deurgaans het die navorser sensitiwiteit behou wanneer die deelnemers deur middel van selfontsluiting sensitiewe inligting bekend gemaak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VIER

NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1 INLEIDING

Die hoofstuk fokus hoofsaaklik op temas wat te voorskyn gekom het gedurende die analise van die data aan die hand van die getranskribeerde onderhoudstranskripsies. Die temas is geïdentifiseer in 'n analitiese interpretiewe raamwerk en hulle reflekteer die ooreenkomste en verskille wat die deelnemers ervaar het in hul relaas van die verhouding wat tussen ouer en gay seun bestaan het voor en na openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie. In afdeling 4.2 word die temas aangedui wat sigbaar geword het. Die temas word in 'n hiërargiese volgorde aangebied van dié wat die meeste tot dié wat die minste deur die deelnemers beleef is. 'n Byvoeging tot die studie wat nie aanvanklik voorsien is nie, was die gay seun se verhouding met sy sibbe, wat wel spontaan gedurende die onderhoudsvoerings as 'n sigbaarwordende tema opgeduik het. Hierdie addisionele bron van informasie oor gay broer-en-sibbe-verhouding voorsien volgens die navorser 'n belangrike bykomende platvorm om die ouer-en-gay seun-verhouding, veral in terme van verkenning van gesinsdinamika, te ondersoek.

4.2 SIGBAARWORDENDE TEMAS

Deur die prosedures van data-analise is vier hooftemas met tien subtemas geïdentifiseer. Dié sigbaarwordende temas word vervolgens hiërargies uiteengesit en bespreek. **Eerstens, die aard van die verhouding tussen moeder en gay seun voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie**. Die geassosieerde subtemas was: i) die bevestiging dat die openbaarmaking meestal eerstens teenoor die moeder of sibbe sou geskied, (ii) die selfbewustheidstadium en selfbemagtigingsproses van die seun se gay identiteit voor die openbaarmaking teenoor die moeder, (iii) die vermelding dat die moeder dikwels bewus was van die seun se seksuele oriëntasie, reeds voor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

openbaarmaking, en (iv) moeder-en-seun-verhouding en die ondersteunende rol wat sy binne ouerverband inneem na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Tweedens, die aard van die verhouding tussen vader en gay seun voor openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie.** Die geassosieerde subtemas was: (i) die vermelding van 'n patriargale sisteem wat binne gesinsverband bestaan het, en wat ook saamhang met die vader se sosiale persepsies wat onder andere homofobie insluit, en (ii) vader-en-seun-verhouding na die bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Derdens, ouerbetrokkenheid in terme van aanvaarding en ondersteuning na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie.** Die subtemas wat hieruit gevloei het, was: (i) die kommunikatiewe vermyding van die gay onderwerp deur die ouer(s) binne gesinsverband, (ii) die sensitiwiteit en vermyding van gesprekke oor minnaars of metgeselle binne ouerverband, en (iii) die gereeldheid van kontak tussen ouer(s) en gay seun na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie. **Laastens, die aard van die verhouding tussen gay broer en sibbe voor bekendmaking van die broer se seksuele oriëntasie.** Die geassosieerde subtema was: (i) die onvoorwaardelike aanvaarding en ondersteuning deur die sibbe.

In die volgende afdeling word die hoof en subtemas afsonderlik aangebied en ondersteun deur uittreksels uit die transkripsies.

4.2.1 Gerapporteerde moeder-en-seun-verhouding voor die bekendmaking van die seun se seksuele oriëntasie.

Oor die algemeen het die deelnemers 'n goeie en oop verhouding met hul moeders gehad (bv. Uittreksels 1 en 2).

1. " *My moeder is verlede jaar oorlede op die ouderdom 76 en met haar het ek 'n goeie verhouding gehad".*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. *" Well my mother and I; I never not told her anything. I'm very open with her. My mother and I was always being very close, so you know... "*

Dit wil voorkom of dié goeie verhouding dikwels berus het op die moeder se sensitiwiteit en ondersteuning vir die seun (bv. Uittreksels 3 en 4).

3. *" Even though with my mother I would have maybe little bit more the female intuition thing ... I feel it but I don't say it. I think I had that with my mother. "*

4. *" We've always been able to talk, about stuff I'm doing and that ... That being a very frustrating two years before the whole incident, because I wasn't happy while I was studying. She could feel it, but she tried to support me a lot while I was busy with my studies and this 'coming out' experience and changing of career, study field. So there was a lot of frustration and confusion about a lot of things at that time. She just went quiet for a little while. "*

Slegs in een geval wil dit voorkom of die deelnemer en sy moeder ietwat verwyderd van mekaar was (Uittreksel 5).

5. *" Okay, I think this is a important part to speak about, because as I said earlier I was already sharing a house with my mother. I was always, I remember I said we were sharing a house, rather than having a mother-child relationship. On the other*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hand in certain ways we had a mother-child relationship, you can never divorce the two, but I do think we had lived differently."

In 'n ander geval was dit duidelik dat daar 'n swak verhouding tussen 'n deelnemer en beide sy ouers was. Dit wil voorkom dat die swak verhouding berus het op oueronbetrokkenheid en geen ouerlike ondersteuning nie. (Uittreksel 6)

6. *" I believe that I had to live my life as I see it fit, and that's the fact that I didn't tell them that I was gay. I don't think it is a reflection on the issue. I think it's a reflection on my life that they would know very little, just simply that I never got their interest, that I never felt that they're inquiring about something that was really due to their sincere interest in what I do. Hmm, it's a turn of events, a chain of events that made me just decide that I don't need to tell them, because what it is going to do to them, if they can't come and support me at a rugby match because I'm playing a rugby match at Newlands, but when I got nominated and voted onto Student Counselling in Standard five. They were never at Parent-Teachers meetings, but the day I got nominated and voted on and that they knew that I was gonna get on counsel, they were in the front row. The same thing happened in Matric. Yet again, never at school, never showed an interest, never asked for a report, but when I go onto the Student Counsel again, once again they were in the front seats again, that's the only time they'd show themselves."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.1.1 Die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie dikwels eerstens teenoor die moeder en die sibbe.

Vier deelnemers in die studie het verklaar dat hulle eerste hul seksuele oriëntasie aan die moeder bekend gemaak het, terwyl twee van die deelnemers dit aan beide die moeder en sibbe bekend gemaak het. Hierdie bevindinge bevestig dus die noue band wat daar tussen gay seun, moeder en sibbe bestaan het. Verder dui dit ook op die oop kommunikatiewe band wat daar tussen moeder en gay seun bestaan het, reeds voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie (bv. Uittreksels 1, 2 en 3).

1. *" My mother firstly at the end of my second year at varsity and that would be at the end of 1999. My father I did not end-up telling but my mother told him."*

2. *" No, I was always gonna tell them, but yeh, I suppose I would have first opened up to my mother first."*

3. *" At the time of coming out to my mother and my sister, I wasn't with OLGA, (Organization for Lesbian and Gay Activists) yet, I was still with the Gay Christian Group and we have put on certain activities and churchly stuff and I invited my mother. Maybe it was a cheating way, but I invited my mother and sister to come to the group once so that they, I didn't tell them what it was going to be about, but there was speakers and all that. It wasn't possibly direct, it may have not been the best way, but that was what I did at that time. And they came and looked and after the service there was no issue. After that I*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spoke seperately to my sister and to my mother, not necessarily on the day or direct after, but that was the starting point of opening the conversation ... "

Ten spyte van bostaande was dit tog opvallend dat die bekendmaking meestal telefonies, per brief of via gerugte deur ander mense aan die moeder oorgedra is. (bv. Uittreksels 4 en 5)

4. " *I actually told her over the phone and it was a very interesting discussion over the phone. Anyway, and it wasn't discussed much more afterwards, except she said that I should not tell my father, etc. But basically the rest of the family knew anyway and my family down here in Cape Town like my father's sister. Unfortunately my twenty first birthday was coming up last year and so it was inevitable that my father must know and my mother ended up telling him."*

5. " *Maar ek het eintlik voor dit vir my ma 'n brief geskryf en in die brief het ek toe vir haar gesê dat ek gay is. Toe sit ons twee in die kamer en toe lees ek nou die brief vir haar en toe vertel ek haar ... Ja, teenoor my ma, my broers ... "*

Slegs een deelnemer het aangedui dat die bekendmakingsproses aan sy moeder 'n konfronterende situasie ontlont het. Die geforseerde ontbloting van die seun se seksuele oriëntasie was hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat negatiewe gerugte oor die seun se seksuele oriëntasie via ander mense die moeder bereik het (bv. uittreksel 6)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. *" Just my mother and it was a confrontational experience where she heard things around town and stuff and asked me about that, whatever ... and she was very negative about that almost like I wasn't involved in such things and so on ... "*

Oor die algemeen het die deelnemers gemeld dat die openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie teenoor die moeder onmiddellike gevoelens van hartseer en skok en dan uiteindelik aanvaarding teweeg gebring het (bv. uittreksel 7, 8 en 9).

7. *" My ma. Ja, ek het uitgebars van die huil en sy was ook in trane toe ek vir haar gesê het. Dit het te veel geword, en ek kon dit nie meer hanteer nie. 'n Mens kan met alles net tot op 'n sekere limit gaan en nie meer verder nie ... "*

8. *" Toe huil ons twee en toe sê sy net ... Toe sê sy dis oraait want ek bly nog steeds haar kind. "*

9. *" O, ek het geen idee nie, sy het seker geweet en haarself reggemaak vir een of ander tyd ...Ek weet glad nie, maar ek kan net dankbaar wees daarvoor dat sy dit so gou aanvaar het as wat sy uitgefreak het, jy weet ... "*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.1.2 Die selfbewustheidstadium en selfbemagtiging van die seun oor sy gay identiteit voor openbaarmaking aan die moeder.

Al die deelnemers in die studie het bevestig dat hulle van 'n redelike jong ouderdom geweet het dat hulle gay is. Hul gay identiteit was dus reeds vroeg voor eksterne openbaarmaking gevestig (bv. uittreksels 1, 2 en 3).

1. *" Okay, the identity was always there from a terribly young age."*

2. *" Well, I've actually never intended to myself as gay anyway to be honest. I don't generally put myself into a major category. So I mean growing up and in school I always knew that I was attracted to men and that sort of thing ..."*

3. *" Seker toe ek sewe jaar oud was, daar rond het ek bewus geword ..."*

Drie van die deelnemers het ook aangedui dat dit vir hulle belangrik was om eers self insig en selfbemagtiging te bekom voor hul gereed was vir die openbaarmaking teenoor die ouer(s). Die selfbemagtigingsproses het hoofsaaklik gerealiseer deur die lees van inligtingsbronne soos boeke en gesprekke met mense oor gay-kwessies (bv. uittreksels 4, 5 en 6).

4. *" Al het ek geweet wat my seksuele voorkeur was, moes ek groei tot die stadium waar ek daaroor kon praat en dit het vir my gekos om vele dinge te weet, met vele mense daaroor te gesels, om lid van groepe te word en so meer ..."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. *" Yah, it was. There were no negatives. In fact, I at the time, asked my mother certain things, because by that time I read a couple of books about people who had come out and how parents sometimes think that they've done something ... "*

6. *" My whole idea was telling them sooner or later, that I first had to know what it was all about myself and that has happened only recently that I'm okay with the whole idea ... "*

4.2.1.3 Die bevestiging dat die moeder bewus was van die seun se seksuele oriëntasie reeds voor bekendmaking teenoor die ouers.

Al ses deelnemers het gemeld dat hul moeder reeds by die bekendmaking bewus was van hul seksuele oriëntasie. Laasgenoemde bevinding bevestig dus die noue band wat tussen moeder en seun bestaan het reeds voor die openbaarmaking van die seun se gay oriëntasie. Dit blyk dus dat die deelnemers hul moeder se eerste reaksie by ontbloting as ontkenning kon etiketteer (bv. uittreksels 1, 2, 3 en 4).

1. *" Yah, I think she was in denial at the time ... "*

2. *" Ek glo 'n ma ken haar seun ... "*

3. *" So, that was a little background of my mother, that I felt that she always knew, and that I never really needed to tell her. She knew and I think that she always knew that I was different and would turn out different. "*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. *" So ever so. It happened, we touched on certain things and hmm ... she says that she didn't know. I do find it hard to believe but I believe her. If she says that she didn't know and it was a little bit difficult initially, but she also says that she was happy. If you see, she was concerned that I was not going to have a family. In a way she was raised to that norm ... "*

4.2.1.4 Moeder-en-seun-verhouding en die ondersteunende rol wat sy binne ouerverband inneem na die bekendwording van diè seun se seksuele oriëntasie.

Oor die algemeen het die deelnemers aangedui dat daar geen verandering in hul verhouding met hul moeders na openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie was nie, alhoewel een deelnemer gerapporteer het dat die verhouding tussen hom en sy moeder daarna meer oop was (bv. uittreksels 1, 2 en 3).

1. *" Our relationship didn't change. I think it didn't change at all".*

2. *" ... ek het nog nooit myself voorgegee as iemand anders nie. Ek was maar nog altyd myself gewees. Na die openbaarmaking teenoor my ma-hulle was ek nog steeds dieselfde persoon as voorheen. Ons is nou meer oop en ons verhouding is basies dieselfde, meer openlik nou ... "*

3. *" Dit is seker omdat ek uit die huis uit is, ek is op my eie en sy op haar eie. Ek het my lewe en voel beter, want ek het nou ruimte.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is wat ek nog altyd nodig gehad het ... Ek het minder stres en ek is emosioneel sterker ... "

Een deelnemer het wel gerapporteer dat die verhouding tussen hom en sy moeder reeds voor die bekendmaking van sy seksuele oriëntasie verbrokkel het. Binne ouerverband was die moeder egter steeds die een wat tog tot 'n mate die kommunikatiewe en ondersteunende rol behou het (bv. Uittreksel 4).

4. *" ...even today, I think that for my mother for the peace of her mind its good enough that she knows that there is someone looking after me ... That's what she see when she phones me once every third month to ask me how things are going ... "*

Twee van die deelnemers het aangedui dat die verhouding tussen hulle en hul moeders na bekendmaking van hul seksuele oriëntasie kon verbeter in terme van kommunikasie, maar dat die proses van finale aanvaarding sou slegs afhang van tyd (bv. Uittreksels 5 en 6).

5. *" With my mother it is a different story. I would like her to know that I would like to share some of my experiences with her ... "*

6. *" I think it could be a lot better, but I don't got the bullet to speed it up. Ahh ... with time I guess it will ... "*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2 Die aard van die verhouding tussen vader en seun voor die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie

Oor die algemeen het van die seuns nie 'n goeie verhouding met hul vaders gehad nie. Dit wil voorkom asof die swak verhouding berus het op kommunikatiewe onbetrokkenheid van die vader, asook 'n kritiese ingesteldheid teenoor die seun (bv. Uittreksels 1, 2 en 3).

1. *" You see, my father was never proud of any of that sort of conversations. He'd either be at work or watching TV or something like that. So, my mother would always be 'sy was altyd die spreekbuis'. As daar enige kommunikasie was met my pa op 'n ander vlak, dan sal dit deur my ma na my toe kom en nie van my pa af self nie."*

2. *" Daar was nie eintlik 'n verhouding nie ... Ek weet nie watse tipe persoon hy is nie, ek ken hom nie eintlik nie, ek ken hom eintlik soos van sien, en goed ... maar jy weet! As ek van hom praat, is ek baie onseker, ek weet nie eintlik hoe om teenoor hom op te tree nie en dit voel 'n bietjie ongemaklik om vir hom 'pa' te sê, omdat ek nooit vir iemand 'pa' gesê het nie. Ons het nie eintlik 'n verhouding nie."*

3. *" Ek was baie lief vir my pa gewees, maar hy het my baie gekritiseer. Die verhouding tussen my en my pa. Volgens my was daar nooit 'n verhouding nie. My ma was maar altyd daar vir my."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een deelnemer het gemeld dat hy en sy vader altyd 'n goeie verhouding gehad het voor openbaarmaking van sy seksuele oriëntasie, terwyl 'n ander deelnemer verklaar het dat sy verhouding met sy vader kon verbeter. Die goeie verhouding het dikwels berus op persoonlikheidseienskappe op grond waarvan die vader as sterk en liefdevol beskryf is (bv. Uittreksel 4 en 5).

4. *" He had a strong character and he was a very lovable person so there were no problems with my relationship with him. Ek dink maar nou net aan al die moontlikhede, maar ek wil net sê dat ons altyd 'n goeie verhouding gehad ... "*

5. *" My relationship with my father could be better . "*

'n Ander deelnemer het daarop gewys dat die band tussen hom en sy vader verbeter het nadat hy uit sy ouerhuis uitgetrek het om te gaan studeer. Dit wil dus voorkom asof die groter onafhanklikheid van die seun van die ouerhuis bygedra het tot 'n beter vader-en-seun-verhouding. (bv. Uittreksel 6).

6. *" Okay, look my father and I have never been that close. We've only getting close the last two or three years since I've got to varsity, mainly because I moved away. We had been getting closer, you know. "*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.1'n Patriargale sisteem wat binne gesinsverband bestaan het, wat ook saamhang met die vader se sosiale persepsies wat onder andere homofobie insluit.

Tydens die onderhoude het vier van die deelnemers na hul vaders as of konserwatief, of rigied en outokraties verwys. Bogenoemde beskrywing van die vader se persoonlikheid kan dus tot 'n mate verklaar die negatiewe invloed wat die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie op die vader-seunverhouding gehad het. Ook die vader se sosiale persepsies van gay mense, gevul met mites, stereotipes en afbrekende opmerkings het berus op 'n homofobiese persepsie (bv. Uittreksels 1, 2, 3 en 4).

1. *" Hmm ... He makes derogatory comments and stuff like that, and he's quite conservative as well..."*

2. *" He has no idea and he's a bit homophobic. They weren't overtly homophobic, but just the way they like to talk about the word 'moffie' and so on ..."*

3. *" They haven't really been educated around and exposed to gay people, besides myths and stereotyping, that's why moffie ..."*

4. *" Well, accept if my dad was a more liberal"*

Een deelnemer het aangedui dat sy vader hoofsaaklik 'n diktatoriale rol binne die huishoudingsopset gespeel het. Dit wil voorkom asof die funksionering van 'n patriargale sisteem in gesinsverband tot 'n groot mate bygedra het tot die negatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

impak wat die openbaarmaking gehad het op die vader-en-seun-verhouding (bv. Uittreksel 5).

5. " *We very much had the mother-father figure at the home of the house dictating to a very large extent, ja. En jy argumenteer nie met hom nie, want jy weet niks. Dis my pa. Ek het 'n baie groot probleem op hierdie oomblik in die sin dat ek weet hy het 'n verhouding met 'n ander vrou. 'And I know that he has this relationship, with this woman for the last six, seven years and yet, my parents are still married, and I'm very angry with my mother that she doesn't do anything about it and that she's happy to stay in marriage for the mere sake of the security that is providing her at the age of sixty-five. Yes maybe I don't understand all the fear that she might be going through, going on her own at the age of sixty-five, but I also don't feel that it justify her life for what it is with him, a living hell, .. because he blows up at any point in time when you confront him, and I left, and hmm..* "

4.2.2.2Vader-en-gay seun-verhouding na die bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie.

Oor die algemeen het van die deelnemers gemeld dat hul verhouding met hul vaders kon verbeter, veral wat kommunikasie betref (bv. Uittreksel 1 en 2).

1. " *I would like to get on with my real dad, not that I don't, but it could be better.* "

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. *" My relationship with my father could be better. But all and all, I suppose things could be a lot better communication wise."*

Slegs in een geval het die verhouding tussen vader en gay seun na openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie totaal tot niet gegaan. Dit wil voorkom asof die swak verhouding tussen vader en seun hoofsaaklik gebaseer was op die vader se ontkenning van die realiteit rondom die seun se gay-wees (bv. Uittreksel 3).

3. *" And ever since we had a very broken understanding or relationship for the mere reason that number one, even at that point he didn't despise me. Hmm... who I said I was. And maybe it didn't even sink in. I even untill today feel that this is what's happened. It actually hasn't struck home."*

4.2.3 Ouerbetrokkenheid in terme van aanvaarding en ondersteuning deur die ouers na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie

Oor die algemeen het die deelnemers gemeld dat daar 'n redelike groei plaasgevind het wat hul verhouding met hul ouer(s) betref. Deelnemers het egter aangedui dat dit 'n proses is wat nog aan die ontwikkel is na totale onvoorwaardelike aanvaarding. Van die deelnemers het gemeld dat die feit dat hulle die ouerhuis verlaat het, het bygedra tot groter onafhanklikheid, en dat dit moontlik bygedra het tot die proses van aanvaarding. (bv. Uittreksels 1, 2, 3 en 4).

1. *" Well, I think it will get better as they get older and its more my life than them feeling that they have to like intervene. I*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

suppose it will be that I could speak to them on a more equal base, although I always could. It will be much easier I guess."

2. *" Well, after I started moving out, I think its crucial that absence makes the heart grow fonder and we've been able to talk about things and stuff..."*

3. *" Omdat ek my ma nie baie sien nie... As ek haar die dag sien, sal sy my altyd omhels en vra hoe gaan dit Boeta en dan sal sy vir my 'n soen gee ..."*

4. *" Ja, sy sal vir my sê dis mooi, sy gee erkenning, want sy weet ek werk hard daarvoor. Maar tog vra sy ook vir my geld, want ek weet sy het dit nodig, dus gaan gee ek nog vir haar geld."*

Een deelnemer het verder gemeld dat hy graag sy verhouding met sy biologiese vader sou wou verbeter, terwyl 'n ander deelnemer aangedui het dat in sy geval ouerbetrokkenheid en ondersteuning geensins bestaan nie (bv. Uittreksels 5 en 6).

5. *" He is my dad but I rather share something like that with my stepdad, because I got a better relationship with him than with my biological father. I would like to get on with my real dad, not that I don't, but it could be better."*

6. *" There are so many child-parent relationships in this world that are buggered and non-existent, hateful that are around and I need*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to be one of those. Not that it is dragging me down, but the situation, the way it is, probably won't change. I need to except that whatever I do. I would have to do something about it, which I would not do. I made the pertinent decision that I would not do something to change it..."

4.2.3.1 Die kommunikatiewe vermyding van die gay onderwerp deur die ouer(s) binne gesinsverband.

Oor die algemeen wil dit voorkom asof kommunkasie oor die gay lewenstyl of - leefwyse tussen die deelnemers en hul ouers totaal vermy was. Gesprekke oor gay-wees was in die meeste gevalle binne ouerverband 'n onderwerp wat nie aangeraak was nie. (bv. Uittreksels 1, 2 en 3).

1. *" Well, after I started moving out, I think it's crucial that absence make the heart grow fonder and we've been able to talk about things and stuff, never about that really personal things of being 'gay'."*

2. *" To the extent to my coming out I asked to her: 'Was it so bad?' I asked her, 'was there anything wrong with it?' and then we never spoke about it again. Yes, I think it is, as long as we don't talk about it... Yah. As long as we fought it out at home and keep it there and she wasn't exposed to it any longer, visually."*

3. *" My father and I always sort of being this typical two males in a household type of thing. I always since I've been a child, I*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stood up for what I thought was right. Very much so and so we had huge arguments in the household. Quite an explosive family setting, all got their very self agenda's but we were quite a close family I guess. And we still a close family you know, there is just certain things you don't discuss. I still get irritated with the normal family things. That's not necessarily related to the gay thing. The gay thing is a bit of non subject."

Een deelnemer het wel gemeld dat sy moeder bereid was om meer oor die onderwerp te wete te kom, sodoende haarself in te lig in terme van die dinamika van die gay-lewenstyl. Dit wil dus voorkom asof die selfbemagtigingsproses van die ouer bygedra het tot die ondersteunende rol wat die betrokke ouer kon bied (Uittreksel 4).

4. *" My mother, I know you want to talk about parents, says that she didn't know and that it was a shock, but she got over it because we use to speak about it, not on a ongoing basis, but it wasn't just I'd come out on that day and we never spoke about it again."*

4.2.3.2 Die sensitiwiteit en vermyding van gesprekke oor minnaars of metgeselle deur ouer(s) binne gesinsverband.

Oor die algemeen het die deelnemers daarop gewys dat gesprekke oor minnaars of metgeselle 'n baie sensitiewe plekkie by die ouers aangeraak het. Dit blyk hoofsaaklik 'n uitvloeisel te wees van die kwessie rondom moraliteit binne 'n heteroseksistiese perspektief by die ouers. Die ouers het gesprekke oor verhoudings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of metgeselle kwansuis as taboo binne gesinsverband hanteer (bv. Uittreksels 1, 2, 3 en 4).

1. *" There is still a sense of denial and I don't think they're familiar with the full extent of my relationship... "*

2. *" And I do use names of people, like boyfriends and stuff but I don't say who they are. I mean some of them she's obviously aware of because their names comes up more often than others, but you know, she don't want to meet them or anything like that. That irritates me because I would like... I'm the type of person who likes my family to be fully involved with my friends and my friends would be fully involved with my family - we've always grown up like that. I can't see what the difference is now. "*

3. *" There was one person whom I had a steadier kind of relationship with. She knew him, she accepted him, she visited him at his home with me and also with other previous friends who were my partners. That is the type of friendship we had. They were always welcome at any stage where we lived and they would often invite her for whatever things as well. Although she was broadminded, she couldn't handle us sleeping together, next to her bedroom and that was one tension we couldn't get beyond. So, that was one of the things she combatted, but with all respect I mean to think of their generation in terms of it, it was a more moral issue. "*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. *" Ek weet hulle aanvaar dit, maar ek dink die feit dat hulle my moet sien met 'n ander ou sal hulle 'n bietjie afsit. Want ek sit partykeer in die sitkamer met my vriende en sal dan 'n 'joke' maak met my ma en dan sal ek vir haar sê: " Nee, ek gaan vir my 'n man kry en hom aan haar kom voorstel." Dan spot ek net met haar, maar dan sal sy sê: "Ag en sal net opstaan en uitloop. En ek dink dus nogals..., dit sal vir hulle 'n bietjie langer vat om oor dit te kom, as jy weet, as wat toe ek vir hulle gesê het, ek is gay."*

4.2.3.3 Gereeldheid van kontak tussen ouer(s) en gay seun na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie.

Drie deelnemers het aangedui dat daar op 'n gereelde basis kontak behou is, veral met die moeder. Die kontak het gewissel van wedersydse telefoniese kontak of persoonlike besoeke tussen ouer en gay seun (bv. Uittreksels 1 en 2).

1. *" O, pretty much every day we speak. I don't speak to my father everyday at all, but my mother and I speak pretty much every day, every second day. Most weeks I would say I speak to her ten times a week maybe. She is still close to me, whatever happens to me I tell her straight away, whatever I had done, if I had gone out the night before and got really drunk, I'll phone and tell her, you'll never guess what we did last night, you know in that respect..."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. *" They come to visit, but every two weeks. They will come to town and if they don't come, I'll go there for the Saturday, then I go through with my boyfriend."*

Twee van die deelnemers het egter aangedui dat die gereeldheid van kontak met hul ouer(s) redelik afgeneem het na die openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie. Dus wil dit voorkom asof die negatiewe beïnvloeding berus het op ouerverwagtinge wat nie gerealiseer het nie, en die gay seun na die openbaarmaking van sy seksuele oriëntasie sy eie lewe lei (bv. Uittreksels 3 en 4).

3. *" Ek gaan baie weinig huistoe, want ek het nou 'n lewe van my eie, ek sal een of twee keer 'n maand gaan, maar baie weinig en sy sal ook baie weinig hier na my woonstel toe kom."*

4. *" Okay. Op hierdie stadium lei jy ook al redelik af dat 'vir my het ouers nie vir my daai 'ouer konnotasie' of 'ouer ideal' geskep nie. Nie in my sienkant van die lewe nie. Hmm.. Ja, in diè opsig nee, hmm, 'which is why I went through what I did,... try to think for myself. 'Doen my eie ding, maak my eie besluite. 'Study, because I want to study, not because I came to sit down and study. Hmm.. So, yes... my relationship with my parents I think broke down very early in life and maybe also lastly due to the fact that I was gay... So, a relationship as such with parents, fairly non-existent on a deep and emotional level."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4 Die verhouding tussen gay broer en sibbe voor die openbaarmaking van die broer se seksuele oriëntasie.

Die meeste van die deelnemers het gemeld dat reeds voor openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie teenoor die sibbe daar reeds 'n gevestigde verhouding tussen hul en hulle sibbes, veral hul susters was. Van die deelnemers het ook verder gemeld dat òf hul broer òf hul susters moontlik vermoedens gehad het oor hul seksuele oriëntasie (bv. Uittreksels 1, 2, 3, 4 en 5).

1. *" Ek is die jongste van vier ... die oudste van die vier is 'n broer en dan is daar twee susters en dan myself. Die beste verhouding wat ek as tiener gehad het, was met my een suster, die een wat net bo my val. Die ander twee, die een suster en my broer, hulle was 'n goeie paar jaar ouer. So teen die tyd dat ek nou in my laat tienerjare was, hmm, was hulle al reeds getroud en uit die huis en met hul eie families. So die een wat ek nou genoem het, het ek die beste verhouding mee gehad. So eintlik...My suster was ook die een met wie ek eerste daaroor mee gesels het."*

2. *" I thought it would be more explosive if I had opened up to my father firstly, but then on the other hand like my sister and I were discussing. She thought it would be right to beat the other way around, that it would have been easier to open up to my father because even though he's got this explosive temper and that sort of thing, he is also the person at the end of the day*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

who also reacts a lot better to things. In certain respects he can be a lot calmer about things than my mother."

3. *" Dit is my gevoel and that is why I actually do have a problem with people who do not come out. I don't agree with that and also think that those around us matters, and I think I have experienced that with my sister. She initially thought why it took so long for me to tell her. Did I think she was that much of a monster and that she was that unapproachable. She also said to me: 'Do you think I was stupid?' She felt indignant that I hadn't done it earlier..."*

4. *" Yah, in this respect I mean a typical sibling relationship, but yah... Its quite a support thing..."*

5. *" Hulle het dalk 'n suspisie gehad het ja, maar hulle sou nie vir my gevra het of ek gay is nie..."*

4.2.4.1 Onvoorwaardelike aanvaarding en ondersteuning deur sibbe na die bekendwording van dié broer se seksuele oriëntasie.

Soos in 4.2.13 gemeld het die deelnemers meestal 'n goeie verhouding met hul sibbes gehad. Dit het dus daartoe gelei dat die uitkomproses oor die broer se seksuele oriëntasie dikwels òf eerstens teenoor die moeder òf teenoor die sibbe sou geskied. Vyf van die ses deelnemers het bevestig dat hulle onvoorwaardelike aanvaarding en ondersteuning van òf hul broers òf susters gekry het na die openbaarmaking van hul gay identiteit (bv. Uittreksels 1, 2, 3 en 4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. *" My sister knows about it, and she is very supportive."*

2. *" Yes, and as far as my sexual orientation are concerned,.. both my sisters have no problem with it. My sister said to me, I have always known, and I'm glad that you told me."*

3. *" With my sister for instance, its fine, we talk about it all the time, even infront of my mother and stuff. Hmm, yah.. in this respect I mean a typical sibling relationship though, but yah.. It's quite a support thing."*

4. *" Hy het my gevat en vir my 'n drukkie gegee en toe sê hy vir my: 'Moenie worry nie, want ek is jou broer ...' "*

Twee deelnemers het wel bevestig dat die verhouding tussen hulle en hul broers heelwat verbeter het na die openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie. Dit blyk dat die verbeterde verhouding tussen broers bewerkstellig is deur aanvaarding en ondersteuning (bv. Uittreksels 5 en 6).

5. *" Hulle het dalk 'n suspisie gehad ja, maar hulle sou nie vir my gevra het of ek gay is nie. My jongste broer en ek het mekaar nou eers gevind na drie jaar. Ek voel lekker daaroor."*

6. *" My broers weer, toe ek vir my middelste broer vertel het, want ek en hy kon nog nooit oor die weg kom nie... toe ek vir hom vertel was dit nogal 'n bietjie baie, hmm.., hartseer, want ek het*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehuil van blydskap. Hy het my gevat en vir my 'n drukkie gegee en toe sê hy vir my: 'Moenie worry nie, want ek is jou broer!' en dit was nogal vir my 'n bietjie van 'n skok gewees. Ek het dit nooit van hom verwag nie..."

Slegs in een geval het 'n deelnemer gemeld dat sy verhouding met sy broer onherstelbaar vernietig is en dat toekomstige herstel van dié verhouding baie onseker is. Dit blyk ook of die morele kwessie binne religieuse konteks ook 'n beduidende rol gespeel het in die broer-tot-gay broer-verhouding (bv. Uittreksel 7).

7. *" My broer en ek, glo ek daar is 'n probleem. 'He is a very religious person in the Christian faith. I don't know whether I will go as far to use the word, fundamentalist with him, because I actually don't know. I only know that his viewpoint of homosexuality is not mine. And I got to the stage where I realised we are going to have to agree to disagree and lead our lives the way we want to. I'm not responsible to him or accountable to him, so my relationship with him is not the best. I don't even know whether one can call it a relationship. Presently though he has now made an attempt, and it is only as recent as last week when he said to me, is there anything we could do to improve our relationship. And I am resistant because I question whether he needs me or thinks it is the correct thing to do or ... I'm not sure whether my brother wants to rekindle a relationship becaue he thinks it's the correct thing to do, or whether he sincerely and genuinely would like to have a*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

relationship with me. Hmm... Because I don't know where it comes from. We still have to work at it and I have my reservations and I'm not going to do a thing, simply because he wants to get his house in order. If it doesn't suit me, he must go..."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VYF

SAMEVATTING

5.1 BESPREKING

Dank (in Strommen, 1989) het bevind dat "...disclosure may be occuring at younger ages in our society, due in part to an increased emphasis on sexuality in general, the tolerance of homosexual behaviour, and the information concerning homosexuality." Met hierdie stelling kan waarskynlik ook binne die Suid-Afrikaanse konteks akkoord gegaan word, veral in die lig van die wetlike beskerming wat onder andere lesbiërs en gays geniet, veral in ag genome die implementering van die Handves van Menseregte in 1994. Ook die media speel waarskynlik 'n beduidende rol deur homoseksualteit as kulturele fenomeen in die samelewing meer visueel sigbaar te maak en sodoende by te dra tot meer verdraagsaamheid en aanvaarding van die realiteit.

Die bevindinge van die huidige studie dui daarop dat die openbaarmaking van die gay seun se seksuele oriëntasie teenoor die ouer(s) 'n definitiewe impak op die verhouding tussen ouer en gay seun het. Die openbaarmakingsproses teenoor die belangrike ander in die gay seun se lewe, dra daartoe by dat al hoe meer ouers, veral binne die Suid-Afrikaanse samelewing, gekonfronteer word met die realiteit van en aanpassing by die gesinslid, in hierdie geval die seun, se seksuele oriëntasie. Hierdie proses van vrede maak met die gesinslid se gay-wees, sluit aan by Cramer en Roach (1988) se bevindings dat die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie dikwels lei tot versteuring van die ouer-en-kind-verhouding.

In die proses van vrede maak met die seun se gay identiteit het die ouers volgens dié bevindinge van die huidige studie dikwels uiteenlopende reaksies gehad. Die verskillende reaksies van die moeders en die vaders kan moontlik toegeskryf word aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die geslagsrolvoorskrifte waarmee kinders gesosialiseer word, onder andere die algemene persepsie dat seuns nie emosioneel moet wees nie, terwyl die emosionele sy by dogters weer verwelkom word. Ook gesien die persepsie van manlikheid in Suid-Afrika het Du Plessis (1999) bevind dat die geslagrolstereotipering dikwels mans weerhou van intimiteit in hul vriendskappe met ander mans. Teen hierdie sosiale konstruktiewe agtergrond is in die huidige studie bevind dat al ses deelnemers hul seksuele oriëntasie eerstens teenoor hul moeders geopenbaar het. Dié bevinding stem ooreen met D'Augelli et al. (1998), Ridge en Feeny (1998) en Schoeman et al. (1993) se gevolgtrekkings dat die meeste gay seuns hul seksuele oriëntasie meer dikwels eerstens teenoor hul moeder bekendgemaak het. Dit kan dus direk verbind word met die aanname dat die moeder, die persoon wie primêr verantwoordelik is vir die versorging van die kind, waarskynlik reeds voor die bekendwording van haar seun se seksuele oriëntasie 'n goeie en noue verhouding met hom gehad het. Hierdie bevinding word ook gesteun deur Ferula (1999) se ondersoek wat daarop gedui het dat moeder-en-seun-verhouding na bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie aansienlik beter was as wat die geval met die vader was. Een deelnemer het die goeie verhouding tussen hom en sy moeder soos volg verwoord: "Even though with my mother I would have maybe little bit more the female intuition thing... I feel it, but I don't say it..."

Die noue verhouding wat tussen moeder en gay seun reeds voor bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie bestaan het, versterk ook verder die hipotese dat die moeder reeds voor openbaarmaking bewus was van die seun se seksuele oriëntasie. Die bevinding sluit direk aan by Ben-Ari (1995) wat daarop gewys het dat veral die moeders dikwels vermoed het dat hul seun gay is, maar besluit het om eerder die vermoedens vir hulself te hou. Die geheimhouding van dié vermoedens kan waarskynlik hoofsaaklik toegeskryf word aan die ouer(s) se begeerte om gevoelens te vermy wat onder andere

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pyn, hartseer, selfblaam en skuldgevoelens insluit. Skuldgevoelens kan ontstaan, omdat die ouers voel dat hulle gefaal het in hul ouerlike rolle en volgens Bateman (1994) begin baie ouers ook hul eie seksualiteit bevraagteken. Omdat die moeders dikwels die rol van primêre versorger in 'n kind se lewe inneem, is in die huidige studie ook bevind dat sy dikwels die een is wat binne ouerverband verantwoordelik voel vir die emosionele ondersteuning en aanvaarding van haar seun. Een deelnemer het dit as volg verwoord: "Toe sê sy dis oraait, want ek bly nog steeds haar kind..." Die openbaarmaking eerstens teenoor die moeder(s) het dus verder daarop gedui dat daar 'n oop kommunikatiewe band tussen moeders en deelnemers was, met die gevolg dat die seuns vrymoedig was om eerstens teenoor die moeder te erken wat hul seksuele voorkeur is.

Die meeste van die deelnemers aan die huidige studie het nie 'n goeie verhouding met hul vaders gehad nie. Hulle het dit hoofsaaklik toegeskryf aan die vader se persoonlikheidstrekke wat hulle oor die algemeen as rigied, outoritêr, konserwatief en diktatoriaal beskryf het. Dié bevinding sluit aan by Ferula (1999) wat ook tot die gevolgtrekking gekom het dat die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie teenoor die vaders, meer dikwels as in die geval van die moeders, as 'n krisis beleef word. Die wyse waarop die deelnemers hul vaders beskryf het, sluit aan by Levitt en Klassen (1974) se bevinding dat die vader se beskerming van tradisionele seksrolle en outokratiese instellings steeds nog baie sigbaar is. Levitt en Klassen se bevindinge kan dus volgens die huidige navorser ook van toepassing gemaak word in die Suid-Afrikaanse konteks, waar 'n patriargiese sisteem vir soveel dekades geseëvier het. Die moontlikheid dat die vaders vrese het oor en bedreig voel deur enigiets wat afwyk van die tradisionele geslagstereotipes, kan dus moontlik 'n verklaring bied vir die negatiewe invloed wat die bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie, op vader-en-gay seun-verhouding het. Dié vrese is volgens Du Plessis (1999), Friend (1990) en Reiter

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(1991) 'n direkte uitvloeisel van homofobiese en stereotipiese wanopvattings wat kan lei tot negatiewe emosies en diskriminerende gedrag by veral die vaders. Een deelnemer het sy vader as volg beskryf: "Hmm... He makes derogatory comments and stuff like that, and he's quite conservative as well..." terwyl 'n ander deelnemer die volgende beskrywing gegee het: " He has no idea and he's a bit homophobic..." Die bevindings van die huidige studie sluit dus aan by Cramer en Roach (1988) se bevinding dat die vader meer geneig was om negatief te reageer op die nuus dat sy seun gay is. Verder is in die huidige studie ook bevind dat die vader-en-seun-verhouding reeds voor bekendwording van die seun se seksuele oriëntasie swak was. Die deelnemers het dit hoofsaaklik toegeskryf aan die vader se sosiale persepsies wat onder andere homofobie ingesluit het. Cramer en Roach (1988) het reeds daarop gewys dat ouerlike waardes, asook persoonlikheidstrekke wat geassosieer word met homofobie, duidelike voorspellers is van 'n moontlike negatiewe impak wat die openbaarmaking op vader-en-gay seun-verhouding kan hê.

Die meeste van die deelnemers in die studie het aangedui dat hul verhoudings met hul vaders kon verbeter, veral in terme van kommunikasie. Een van die deelnemers het dit soos volg verwoord: "My relationship with my father could be better. But all and all, I suppose things could be a lot better communication wise..." Schoeman et al. (1993) het ook vroeër bevind dat die verhouding tussen vader en seun juis dikwels verbeter na die bekendwording van die seun se homoseksualiteit. Schoeman et al. se bevinding is in die huidige ondersoek deur een deelnemer bevestig wat daarop gewys het dat die verhouding tussen hom en sy vader besig was om te verbeter, veral nadat hy uit sy ouerhuis getrek het om te gaan studeer. Hy verwoord die verbeterde verhouding tussen hom en sy vader soos volg: "Okay, look my father and I have never been that close. We've only getting close the last two or three years since I've got to Varsity... We had been getting closer..."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bevindinge vanuit die huidige studie sluit ook aan by die literatuur ten opsigte daarvan dat daar waarskynlik eers 'n stadium van selfbewustheid van en selfbemagtiging ten opsigte van die gay identiteit voorkom, alvorens die individu dit teenoor andere kan erken. Soos ook deur Troiden (1988) bevind is, was al die deelnemers in die huidige studie reeds voor openbaarmaking van hul seksuele oriëntasie bewus van hul gevormde gay identiteit. Die huidige studie se resultate sluit aan by Neisen (1987) se bevindings dat die proses van selfbemagtiging by deelnemers hoofsaaklik bekom is deur die lees van boeke asook ander gedrukte bronne oor die onderwerp, en ook deur gesprekke met ander gay mense, ten einde die dinamika van gay-wees beter te verstaan. Een deelnemer het dit soos volg verwoord: "Al het ek geweet wat my seksuele voorkeur was, moes ek groei tot die stadium waar ek daaroor kon praat en dit het vir my gekos om vele dinge te weet, met vele mense daaroor te gesels..." terwyl 'n ander deelnemer dit soos volg opgesom het: "... In fact, I at the time, asked my mother certain things, because by that time I read a couple of books about people who had come out and how parents sometimes think that they've done something..." Die proses van selfbemagtiging voor openbaarmaking teenoor die ouer(s) kan volgens Holtzen et al. (1995) positief bydra tot die sielkundige welstand van gay kinders. Ook Ferula (1999) bevind dat die openbaarmaking teenoor die ouer(s) dikwels gebaseer was op sowel die behoefte aan verbeterde ouer-en-kind-verhouding, as die verbetering van die geestelike welstand van die gay seun self. Een van die deelnemers het sy verbeterde self-agting soos volg beskryf: "... Dit is wat ek nog altyd nodig gehad het... Ek het minder stres en ek is emosioneel sterker..."

In terme van ouerbetrokkenheid en ondersteuning na die bekendwording van die gay seun se seksuele oriëntasie sluit die huidige bevindinge veral aan by Neisen (1987) se stadium van weerstand wanneer 'n gesinslid sy seksuele identiteit teenoor die res van die gesinsisteem bekendmaak. Dié stadium kan ook verwys na die ouer(s) se vermyding van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesprekke oor dié onderwerp, asook die gepaardgaande sensitiwiteit vir gesprekke oor minnaars of metgeselle. Gesprekke oor gay-wees of minnaars was in die meeste gevalle binne ouerverband nie 'n onderwerp van bespreking nie, en stem ooreen met Schoeman et al. (1993) se bevindings dat 'n patroon van dubbelbinding boodskappe hieroor in die ouers se kommunikasie patroon ontwikkel het. Een van die deelnemers het dit soos volg verwoord: " Yes, I think it is, as long as we don't talk about it.. Yah. As long as we fought it out at home and keep it there and she wasn't exposed to it any longer, visually." Die huidige navorser het verder ook bevind dat die dubbelbinding boodskap voorwaardes en kondisies binne die ouer-en-gay seun-verhouding ingeweef het. Soos Du Plessis (1999) bevind het, word verwerping of nie-aanvaarding van 'n geliefde deur die ouers ook as 'n persoonlike verwerping deur die gay kind ervaar. Dus het die huidige navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers, gedurende die weerstandstadium hul ondersteuning slegs in terme van sekere voorwaardes of kondisies beskikbaar stel. Met ander woorde die gay seun ontvang eintlik voorwaardelike aanvaarding en liefde deurdat hy uitgenooi word tot groter nabyheid, maar terselfdertyd kovert verwyt word vir sy lewenstyl deur nie daaroor te praat nie.

Die waarneming van die fisiese intimiteit tussen gay seun en minnaar is volgens First (1995) vir baie ouers 'n baie moeilike aspek van die seun se seksuele oriëntasie om te aanvaar en dit is ook in die huidige ondersoek by die deelnemers waargeneem. Een deelnemer het dit soos volg gestel: "And I do use names of people, like boyfriends and stuff but I don't say who they are. I mean some of them she's obviously aware of because their names comes up more often that others, but you know, she don't want to meet them or anything like that..." Die rol wat morele beginsels speel in die ouers se oordeel, het ook na vore gekom. Dit is soos volg deur 'n deelnemer verwoord: "... Although she was broadminded, she couldn't handle us sleeping together, next to her

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedroom and that was the tension we couldn't get beyond...". Die bevinding sluit aan by Bateman (1994) se gevolgtrekking dat ouers dikwels hul kind se seksuele oriëntasie in teorie aanvaar, maar die seksuele aspek daarvan verwerp. Op grond hiervan bevraagteken die huidige navorser die grenslyn tussen voorwaardelike en onvoorwaardelike aanvaarding van die seun se seksuele oriëntasie by die ouer(s).

Wat ouerlike verwerping betref, het slegs een deelnemer bewustelik besluit om 'n 'gesin van keuse' sy ondersteuningsisteem te maak. In hierdie opsig wys Du Plessis (1999) daarop dat indien ouer-en- kind-verhouding voorheen goed was, die kanse beter sal wees dat die ouer so 'n situasie goed sal kan hanteer. In die huidige geval was die ouer-en-gay seun-verhouding egter reeds vanaf 'n vroeë stadium verbrokkel en het verder deur die openbaarmaking van die seun se seksuele oriëntasie versleg. Dié deelnemer het dit soos volg verwoord: "... yes, my relationship with my parents I think broke down very early in life and maybe also lastly due to the fact that I was gay. So a relationship as such with parents, fairly non-existent on a deep and emotional level." Ander deelnemers in die studie het daarop gewys dat gereelde kontak met hul ouers deurlopend behou is, veral met die moeders. Dit is weereens 'n aanduiding van die belangrike rol wat die moeder inneem in terme van ondersteuning en die aanvaarding van haar gay seun se seksuele oriëntasie.

Mc Cubbin en Patterson (in Neisen, 1987) se stadia van aanpassing by 'n gesinslid se gay identiteit, kan ook van toepassing gemaak word op die ouer(s) se pogings om hul gay seun se seksuele oriëntasie beter te begryp, sowel as op die gay seun se eie soeke na begrip, lojaliteit en ouerlike ondersteuning. Volgens Ben-Ari (1995) is een van die redes vir die openbaarmaking van die kind se gay identiteit aan die ouer(s) om geleenthede te skep vir wedersydse ondersteuning tussen ouer en kind, sowel as om die ouer-en-gay

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seun-verhouding te verbeter. Mays et al. (1997) het verder daarop gewys dat wat gedeelde ondersteuning betref, dit dikwels ook dié kinders is wat op 'n latere stadium 'n integrale rol inneem by die ondersteuning van hul bejaarde ouer(s). Die huidige navorser meen dat die bekende Afrikaanse gesegde: "om terug te ploeg..." 'n boodskap is aan alle ouer(s) wat wroeg met die kwessie van die onvoorwaardelike aanvaarding van 'n gay kind. Dit is 'n redelike vraag of dit nie dikwels juis dié kinders is wat deur omgee en versorging terugploeg as 'n betuiging van dankbaarheid teenoor die ouers nie, veral vir die ouers se aanvaarding en liefde in 'n samelewing wat so dikwels 'n donker wolk van haat en diskriminasie oor hul mens-wees hul.

Ten opsigte van die uitwerking van die openbaarmaking teenoor die sibbe is bevind dat die suster(s) ook dikwels 'n pertinente rol gespeel het in die ondersteuning en aanvaarding van die broer se seksuele oriëntasie. Dit sluit aan by Schoeman et al. (1993) se bevinding dat die openbaarmaking van die broer se seksuele oriëntasie, naas die moeder dikwels ook eerstens teenoor die suster(s) sou geskied. Dié bevinding dui dus moontlik daarop dat suster en gay broer se verhouding reeds voor die openbaarmaking van die broer se seksuele oriëntasie goed was. Dit bevestig ook Welch-Griffen et al. (1986) se bevinding dat die goeie verhouding wat tussen sibbe bestaan het, wel kon bygedra het tot die positiewe aanvaarding van die broer se seksuele oriëntasie by openbaarmaking. Die huidige bevinding is wel in kontras met Schoeman et al. (1993) se bevinding dat die verhouding met die broers min or meer konstant gebly het. In die huidige ondersoek is egter wel bevind dat meeste van die deelnemers se verhoudings met hul broer(s) verbeter het, alhoewel een deelnemer aangedui het dat die openbaarmaking van sy seksuele oriëntasie teenoor sy broer, 'n negatiewe impak gehad het op hul verhouding. Moontlik kan die verbrokkeling in die broers se verhouding moontlik verklaar word in terme van Jones (in Strommen, 1989) se mening dat die reaksie van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ouers daartoe kan bydra dat die sibbe die gay broer ook nou sien as 'n vreemdeling binne die gesinsisteem, veral na die openbaarmaking van sy seksuele oriëntasie teenoor die sibbe. Die algemene positiewe ondersteuning en aanvaarding van die deelnemers deur hul sibbe in die huidige ondersoek, kan volgens die navorser moontlik ook binne die konteks van 'n generasie perspektief verklaar word.

5.2 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Daar was 'n paar beperkinge ten opsigte van die huidige studie. Eerstens was die deelnemers in dié studie slegs "kleurling" en "blanke" mans, met verwysing na die rasbedeling binne die Suid-Afrikaanse konteks. Geen swart manspersone is in die studie ingesluit nie, aangesien geen swart deelnemers tydens die werwingsproses aangemeld of gevind kon word nie. 'n Verdere beperking was dat die deelnemers almal òf Afrikaans- òf Engelssprekend moes wees wat daartoe kon bygedra het dat ander kulturele groepe van die studie uitgesluit was. Derdens, alhoewel kortliks aangespreek in die literatuuroorsig, glo die huidige navorser dat religie binne 'n kulturele konteks ook 'n verdere belangrike bydrae kan lewer tot die verkenning van ouer-en-gay seun-verhouding. Verder sou dit ook waardevol kon wees indien daar ondersoek ingestel word na die persepsies van veral die sibbe van 'n gay persoon, wat moontlik sou kon bydra om die rol van generasie op te helder. Hierdie in-diepte-verkenning van die sibbe sou dus kon bydra tot 'n verbeterde interpretasie betreffende die gesinsdinamika van gay kinders. Vyfdens is slegs ses deelnemers in die huidige studie betrek. Dit beperk uiteraard die veralgemeenbaarheid van die resultate van die studie.

5.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Dit word in die lig van die bevindinge van die huidige studie aanbeveel dat 'n in-diepte-ondersoek na die verhouding met die sibbe, asook belangrike ander persone wat deel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitmaak van die gay persoon se betekenisvolle verhoudings, onderneem word. Siende dat die studie slegs fokus op persone met 'n Westerse kultuur as agtergrond, word ook aanbeveel dat 'n soortgelyke studie met gay mans met 'n nie-Westerse kultuur onderneem word. Dit sal ook interessant wees om in terme van ander religieuse kontekste soos Islam, Hinduisme en Judaïsme die dinamika van ouer en gay seun te verken, veral in terme van ouerlike aanvaarding en ondersteuning. Verskillende vlakke van ondersteuningsnetwerke, nie slegs vir die gay kind nie, maar ook vir die gesin behoort ondersoek te word, en dit behoort ondersteuningsgroepe, asook terapeutiese ingrepe en intervensies in te sluit. Die gerapporteerde toename van gay kinders wat hul seksuele oriëntasie teenoor hul ouer(s) openbaar, mag moontlik aan die rol van die media toegeskryf word, veral wat betref die meer verdraagsaamheid en aanvaarding van ouer(s) van hul gay kinders se seksuele oriëntasie. Dit behoort verder ondersoek te word. Ten slotte, ontbreek soortgelyke navorsing wat lesbiërs betref en as gevolg van die dikwels sterk verskille in terme van seun-dogter geslagsrolverwagtinge by ouer(s), kan nuwe bevindinge ten opsigte van lesbiese persone en hul verhouding met hul ouer(s), moontlik 'n positiewe bydrae lewer tot die steeds beperkte literatuur betreffende dié onderwerp in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

Altheide, D.L., & Johnson, J.M. (1994). Criteria for assessing interpretive validity in qualitative research. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), Handbook of qualitative research. (pp. 485). Londen: Sage Publications.

American Psychiatric Assosiation. (1994). Diagnostic and statistical manual of mental disorders (4th ed.). Washington, DC : APA.

Bailey, K.D. (1978). Methods of social research. (1st ed.) New York. Free Press.

Bailey, K.D. (1987). Methods of social research. (3rd ed.) New York. Free Press.

Bannister, P., Burman, E., Parker, J., Taylor, M. & Tindall, C. (1994). Qualitative methods in psychology: A research guide. Buckingham: Open University Press.

Bateman, C. (1994, September). Mum, Dad, I'm gay. Woman's Value, 80-83.

Ben-Ari, A. (1995). Coming out : A dialectic of intimacy and privacy. The Journal of Contemporary Human Services, 306-312.

Botha, K. (1995). Kevan Botha on gay and lesbian equality. Exit, 71, 11.

Brennan, M., Brown, J. & Carter, D. (1985). The research interview: Uses and approaches. New Jersey: Prentice Hall.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Chekola, M. (1994). Outing, truth-telling, and the shame of the closet. Journal of homosexuality, 27 (3/4), 67-90.

Cilliers, P. (1997). 'n Kas is vir klere. Kaapstad: Human en Rosseau (Edms.) Bpk.

Crabtree, W., & Miller, M. (1992). Doing qualitative research. California : Sage Publications.

Cramer, D.W., & Roach, A.J. (1988). Coming out to mom and dad : A study of gay males and their relationship with their parents. Journal of Homosexuality, 15 (3/4), 79-91.

Cresswell, J. (1994). Research design: Qualitative and quantitative approaches. Thousand Oaks, California: Sage Publications.

Croteau, J.M., & Morgan, S. (1989). Combating homophobia in aids education. Journal of Counseling and Development, 68, 86-96.

Dalla Cia, V.F.E. (1994). Reaching across socio-cultural barriers: The experience of a group of psychology students. Unpublished Masters Thesis, University of Stellenbosch.

D'Augelli, A.R., Scott, L., Hershberger, S.L., & Pilkington, N.W. (1998). Lesbian, gay and bisexual youth and their families. American Journal of Orthopsychiatry, 68 (3), 361-371.

Denzin, N.K. (1994). The art and politics of interpretation. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), Handbook of qualitative research (pp. 485-500). Londen: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Vos, P. (1996). On the legal construction of gay and lesbian identity and South Africa's transitional constitution. South African Journal of Human Rights, 12, 265-290.

Die Burger. (1999, Julie 30). Gay man vermoor kort nadat hy en sy pa oor TV versoen raak.

Dimond, R.E., & Hellkamp, D.T. (1969). Race, sex ordinal position or birth, and self-disclosure and high school students. Psychological Reports, 25, 235-238.

Du Plessis, J. (1999). Oor gay wees. Kaapstad: Tafelberg – Uitgewers Beperk.

Erlank, I. (1999, 17 Oktober). Behandel gays met liefde. Rapport, 4.

Ferula, Z.L. (1999). Parental response to the disclosure of a son's homosexuality : A son's perspective. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.

First, L. (1995). Disclosure of a son's homosexuality: A social constructionist perspective. Unpublished Master's Thesis, University of South Africa.

Friend, R. (1990). Older Lesbian and gay people: Responding to homophobia. Marriage and Family Review, 14 (3/4), 241-263.

Gevisser, M., & Cameron, E. (1995). Defiant desire. Gay and lesbian lifes in South Africa. New York: Routledge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Giorgi, A. (1978). Problems encountered in developing a phenomenological approach to research psychology. In F. Frensella (Ed.). In D. Kruger, An introduction to phenomenological psychology. Cape Town: Juta & Co. Ltd.

Glanz, L. (1988). "Attitudes of white South-Africans toward certain legal rights of homosexuals". South-African Journal of Sociology, 19, 93-101.

Graziano, K. (2000). Homosexuality in South Africa : Higher education support networks challenges and cultural norms. Independent Study. University of Stellenbosch.

Guba, E., & Lincoln, Y.S. (1994). Rethinking critical theory and qualitative research. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds.), Handbook of qualitative research. (pp. 105-117). Thousand Oakes, California : Sage Publications.

Hendersen, M.G. (1998). Disclosure of sexual orientation : Comments from a parental perspective. American Journal of Orthopsychiatry, 68 (30), 372-376.

Holtzen, D., Kenny, M., & Makalik, J. (1995). Contributions of parental attachment to gay and lesbian disclosure. Journal of Counselling Psychology, 42 (3), 350-355.

Kaplan, H.I., & Sadock, B.J. (1998). Synopsis of Psychiatry: Behavioural sciences clinical psychiatry (8th ed.). Philadelphia: Williams & Wilkens.

Kritzinger, C. (1998). Resisting the discipline. In E. Burman (Ed.). Feminist and psychological practice. (pp. 119-140). Londen: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Krueger, R. (1994). Focus groups: A practical guide for applied research (2nd ed.). Thousand Oaks: Sage.

Kruger, D. (1989). An introduction to phenomenological psychology. Cape Town: Juta & Co. Ltd.

Kus, R. (1980). Gay freedom: An ethnography of coming out. Unpublished doctoral dissertation, University of Montana, Missoula.

Laird, J. (1993). Lesbian and gay families. In F. Walsh. (Ed.). Normal family processes. (pp.282-328). New York: Guilford.

Levitt, E., & Klassen, A. (1974). Public attitudes towards homosexuality. Journal of Homosexuality, 1, 29-43.

Lindlof, R.T. (1995). Qualitative communication research methods. Thousand Oaks: Sage Publications.

Lombaard, E. (1999, 1 Augustus). Gay man glo vermoor oor liefdesdriehoek. Rapport, 10.

MacDonald, A. (1974). The importance of sex-role to gay liberation. Homosexual Counselling Journal, 1, 167-180.

MacDonald, A., & Games, R. (1974). Some characteristics of those who hold positive and negative attitudes towards homosexuals. Journal of Homosexuality, 1, 9-27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Marshall, C., & Rossman, G. (1995). Designing qualitative research. Londen: Sage Publications.

Mason, E.J., & Bramble, W.J. (1989). Understanding and conducting research: Application in education and the behavioural sciences. New York: McGraw-Hill.

Mays, V.M., Chatters, L.M., Cochran, S.D., & Mackness, J. (1997). African American families in diversity: Gay men and lesbians as participants in family networks. Journal of Comparative Family Studies, 73-87.

Morales, E.S. (1989). Ethnic minority gays and lesbians. Marriage and Family Review, 14, 217-239.

Neisen, J.H. (1987). Resources for families with gay/lesbian members. Journal of Homosexuality, 14 (1), 237-251.

Nesmith, A.A., Burton, D., & Cosgrove, T.J. (1999). Gay, lesbian and bisexual youth and young adults : Social support in their own words. Journal of Homosexuality, 37 (1), 95-108.

Pharr, S. (1988). Homophobia, a weapon of sexism. USA, Chardon Press.

Potgieter, C. (1997). Black South African, lesbians: Discourses of invisible lives. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Professional Board for Psychology (2000). Draft ethical code for Psychologists. Pretoria : Author.

Ragin, C. (1994). Constructing social research the unity and diversity method. New York: Pine Forge Press.

Reissman, C. (1993). Narrative analysis. New Brunswick: Rutgers University Press.

Reiter, L.(1991). Developmental origins of anti-homosexual prejudice in heterosexual men and women. Clinical Social Work Journal, 19, 163-175.

Remafedi, G. (1987). Male Homosexuality: The Adolescent's perspective. Pediatrics, 79, 326-330.

Ridge, S.R., & Feeny, J.A. (1998). Relationship history and relationship attitudes in gay males and lesbians: Attachment style and gender differences. Australian and New Zealand Journal of Psychiatry, 32, 848-859.

Riley, J. (1990). Getting the most of your qualitative data: A handbook of practical ideas on how to analyze qualitative data. Bristol: Technical and Educational Services.

Rubin, H.J., & Rubin, I.S. (1995). Qualitative interviewing. The art of hearing data. USA : Sage Publications, Inc.

Savin-Williams, R.C. (1989). Parental influences on the self-esteem of gay and lesbian youths: A reflective appraisal model. Journal of Homosexuality, 16 (1/2), 93-109.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schoeman, H.P., & Botha, D. (1991). Regverdiging vir kwalitatiewe navorsing in Maatskaplike Werk. Journal of the National Association of Social Workers, 4, 44-63.

Schoeman, H.P., Ferreira, S.B., & Botha, D. (1993). Die invloed van homoseksualiteit op die gesinssisteem: Die maatskaplike- navorser- praktisyn, 6 (2) 24-30.

Schurink, E.M., & Schurink, W.J. (1988). Developing practice wisdom into theory: The use of qualitative methodology in social work. Die Maatskaplike- Navoser- Praktisyn, 12, 27-37.

Silverman, D. (1993). Interpreting qualitative data: Methods for analysing talk, text and interaction. California: Sage Publications.

Smith, K.T. (1971). Homophobia: A tentative personality profile. Psychological Reports, 29, 1091-1094.

Stafford, L., & Bayer, C.L. (1993). Interaction between parents and children. USA: Sage Publications, Inc.

Stewart, D., & Shamdasani, P. (1990). Focus groups: Theory and practice. California: Sage.

Storms, M.D. (1978). Attitudes toward homosexuality and femininity in men. Journal of Homosexuality, 3, 257-266.

Strauss, A., & Corbin, J. (1990). Basics of qualitative research. Thousand Oaks: Sage.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Strommen, G.F. (1989). "You're a what?" Family members reactions to the disclosure of homosexuality. In F.W. Bozett (Ed.). Homosexuality and the family. (pp.37-58). New York : Harrington Park Press

Troiden, R.R. (1988). The formation of homosexual identities. Journal of Homosexuality, 17, 43-74.

Van den Heever, R. (1997, 10 Desember). My liefde vir Pieter. Rooi Rose, 38-39.

Van Ijzendoorn, M.H., & Scheungel, C. (1999). The development of attachment relationships : Infancy and beyond. In Messer, D., & Millar, S. (Eds.), Exploring Developmental Psychology : From infancy to adolescence. Londen : Arnold.

Van Maanen, J. (1983). Qualitative methodology. Beverley Hills : Sage.

Weinberg, M.S. (1970). "Homosexual samples : Differences and similarities". The Journal of Sex Research, 6, 312-325.

Welch-Griffen, M.C., Wirth, M.J., & Wirth. A.G. (1986). Beyond acceptance: Parents of lesbians and gays talk about their experiences. New York : St. Martins Press.

Wilkinson, S., Kritzinger, C., Milton, M., & Coyle, A. (1998). Towards lesbian and gay psychology. The Psychologist, 11(11), 529-533.

BYLAE EEN

ONDERHOUDSRIGLYN

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE EEN

ONDERHOUDSRIGLYN

1) Watter etiket, indien enige, gebruik jy om jouself in terme van jou seksuele oriëntasie te beskryf: homoseksueel, gay of enige ander benaming?
2) Weet mense dat jy gay is?
3) Wie weet? Ouers, sibbe, familie, vriende? Het jy hulle vertel of hoe het hulle uitgevind? Praat daaroor.
4) Hoe het jy uitgevind dat jy "gay" is en hoe lank al weet jy dit?
5) Op watter ouderdom het jy "uitgekom" teenoor jou ouers en hoekom was dit vir jou op daardie tydstip so belangrik om vir hulle in te lig oor jou seksuele oriëntasie?
6) Wat het dit jou gekos om tot die stap oor te gaan in terme van die openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor jou ouers?
7) Onder watter omstandighede het jy jou seksuele oriëntasie aan jou ouers bekend gemaak?
8) Vir wie het jy eerste binne ouerverband van jou seksuele oriëntasie vertel, jou moeder of vader? Hoekom?
9) Was daar enige vorme van viktimisasie byvoorbeeld verbale of fisiese geweld na die openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor jou ouers?
10) Het jy enige aanpassingsprobleme binne gesinsverband ervaar, siende die feit dat jou ouers uitgevind het dat jy gay is?
11) Wat was jou ouers se onmiddellike reaksie?
    a) Vertel my in terme van jou moeder se reaksie.
    b) Vertel my in terme jou vader se reaksie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12) Hoekom dink jy het jou ouers so gereageer? Verduidelik.

13) Vertel vir my van jou verhouding met jou sibbe?

14) In terme van die openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor jou sibbe. Wat was:

a) Jou suster(s) se reaksie?

b) Jou broer(s) se reaksie?

15) Hoekom dink jy het jou sibbe so gereageer? Verduidelik.

16) Watter gevoelens het jy ervaar na die ontbloting van jou seksuele oriëntasie teenoor jou ouers?

17) Wie in terme van jou gesinsisteem was jou onmiddellike ondersteuningsbronne? Vertel my daarvan.

18) Wat het diè ondersteuning in terme van ouerlike aanvaarding vir jou beteken?

19) Vertel my van julle gesinsfunksionering, veral met verwysing na die verhoudingsaspek tussen jou en jou ouer(s)?.

20) Is jy of was jy in enige gay verhoudings?

21) Wat was/is jou ervaring daarvan? Vertel vir my, met veral verwysend na die ouerlike bystand en betrokkenheid.

22) In terme van jou verhouding, aanvaar jou ouers jou minnaar?

a) Indien ja, waarom?

b) Indien nee, waarom nie?

23) Praat oor jou verhouding met jou moeder voor openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor haar.

24) Praat oor jou verhouding met jou vader voor openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor hom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

25) Wat het dit gekos om verseker te weet dat jy gay is en wel gereed was vir die openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie teenoor jou ouers?

26) Ondervind jy nog enige probleme om tot terme te kom met jou seksuele oriëntasie, veral verwysend na die ouerlike aanvaarding van jou seksuele identiteit?

27) Praat oor jou verhouding met jou moeder na openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie.

28) Praat oor jou verhouding met jou vader na openbaarking van jou seksuele oriëntasie.

29) Vertel my van jou ouers se geestelike oortuiginge veral gesien binne die konteks van homoseksualteit.

30) Sosialiseer jy met ander homoseksuele mense en is hulle welkom in jou ouerhuis? Praat daaroor.

31) Voel jy gemaklik in die geselskap van ander homoseksuele mense, veral in die aanwesigheid van jou ouer(s)?

32) Aanvaar jou ouers jou gay vriende?

a) Indien ja, waarom dink jy?

b) Indien nee, waarom nie, dink jy?

33) Binne die nuwe Suid-Afrikaanse demokratiese bestel met die Handves van Menseregte, voel jy jou regte as gay man word beskerm?

34) Ervaar jy die gay lewenstyl as 'n onderdrukte lewenswyse binne die Suid-Afrikaanse samelewing vandag? Praat daaroor.

35) Vertel my van julle gesinsaktiwiteite, veral in terme van ouerbetrokkenheid voor en na openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie.

36) Behoort jy tot enige gay organisasies? Weet jou ouers daarvan en wat is hul siening daaroor?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37) Het jy enige publieke byeenkomste byvoorbeeld die "Gay Pride Parade" bygewoon? Praat daaroor.

38) Indien wel, weet jou ouers daarvan en wat was hulle reaksie daarop?

39) Voel jy gemaklik met die etiket as gay kind veral met verwysing na jou ouers se verwysingsraam oor jou gay-wees?.

40) Hoekom was jou ouers se bystand en ondersteuning vir jou so belangrik in terme van jou seksuele identiteit?

41) Na openbaarmaking van jou seksuele oriëntasie was daar enige ander ondersteuningsbronne tot jou beskikking? Indien enige, vertel my daarvan.

42) Wie sou jy sê in terme van jou ouers, was jou ondersteuningsbron? Praat daaroor.

43) Aanvaar hulle jou lewenstyl? Praat daaroor.

44) Hoekom dink jy aanvaar hulle nie jou lewenstyl nie? Verduidelik.

45) Praat jy en jou ouers oor jou seksuele oriëntasie, of die feit dat jy gay is?

46) Was daar enigsins pogings deur jou ouers aangewend om meer uit te wil vind oor die onderwerp van homoseksualiteit? Praat daaroor.

47) Indien wel, op watter manier?.

48) Is daar enigiets anders in terme van jou seksuele identiteit as gay man veral met verwysing na jou verhouding met jou ouers, waaroor jy nog met my wil praat?

<u>Let wel</u> : Enige ander relevante verkenningsvrae sal ook van toepassing wees binne die onderhoudssessie.

BYLAE TWEE

BIOGRAFIESE VRAELYS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE TWEE

BIOGRAFIESE VRAELYS

U SAMEWERKING MET DIE VOLTOOING VAN HIERDIE VRAELYS SAL HOOG OP PRYS GESTEL WORD. ANONIMITEIT WORD GEWAARBORG.
BAIE DANKIE.

1) Hoe oud is jy?

.....

2) Het jy enige kinders?

.....

3) Is jy of was jy al voorheen getroud?

.....

4) Lewe beide jou ouers nog?

.....

5) Hoeveel kinders is julle?

.....

6) Waar pas jy in?

.....

7) Wat is die hoogste standerd geslaag op skool?

.....

8) Het jy voorheen gestudeer, of studeer jy tans aan 'n tersiêre inrigting?

.....

9) Werk jy tans?

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10) Indien "ja", wat is jou huidige beroep?

.....

11) Indien "nee", waar het jy voorheen gewerk?

.....

12) As jy 'n student is, waar studeer jy tans?

.....

13) Watter jaar van studies is dit en watter kursus volg jy?

.....

14) Woon jy met :

a) Familie .....
b) Metgesel .....
c) Op jou eie .....
d) Vriende .....
e) Koshuis .....
f) Losies .....
g) Ander .....

15) Wat is jou huistaal :

a) Afrikaans .....
b) Engels .....
c) Xhosa .....
d) Sotho .....
e) Zulu .....
f) Ander .....

16) Enige ander relevante informasie .....

.....

.....

.....

BYLAE DRIE

VIGNETTE



FOTO 1



FOTO 2